

3  
24

OOR DIE VERDIGTINGS- EN VERDUNNINGSVERSKYNSELS  
IN 'N GAS VEROORSAAK DEUR DIE STOOT VAN 'N SUIER  
MET 'N BAIE HOË SNELHEID.

15-16-48.

OVER DE VERDICHTINGS-  
EN VERDUNNINGSVERSCHIJNSELEN IN  
EEN GAS VEROORZAAKT DOOR DE  
STOOT VAN EEN ZUIGER MET ZEER  
HOGE SNELHEID

PROEFSCHRIFT

TER VERKRIJGING VAN DE GRAAD VAN DOCTOR  
IN DE TECHNISCHE WETENSCHAP AAN DE  
TECHNISCHE HOGESCHOOL TE DELFT KRACHTENS  
ARTIKEL 2 VAN HET KONINKLIJK BESLUIT VAN  
16 SEPTEMBER 1927, STAATSBLED Nr 310, OP  
GEZAG VAN DE RECTOR MAGNIFICUS DR IR A. J.  
KLIYVER, HOGLERAAR IN DE AFDELING DER  
SCHEIKUNDIGE TECHNOLOGIE, VOOR EEN COM-  
MISSIE UIT DE SENAAAT TE VERDEDIGEN OP  
WOENSDAG 20 OCTOBER 1948, DES NAMIDDAGS  
TE 2 UUR

DOOR

WILHELM PETRUS ROBBERTSE

GEBOREN TE RUSTENBURG, ZUID-AFRIKA



1948

N.V. NOORD-HOLLANDSCHE UITGEVERS MAATSCHAPPIJ  
AMSTERDAM

1012 F44

Dit proefschrift is goedgekeurd door de promotoren:

*Prof. Dr J. M. BURGERS*

*Prof. Dr S. C. VAN VEEN*

*Aan my vroukje.*

Die verskyning van hierdie proefskrif was moontlik  
danksy die steun wat ek van die „Nederlandsch Zuid-  
Afrikaansche Vereeniging” te Amsterdam ontvang het.

## INHOUD.

	Bls.
INLEIDING . . . . .	1
HOOFSTUK I. <i>Afleiding van die differensiaalvergelyking wat die beweging van die gas beheers</i> . . . . .	5
§ 1. Die verdigtingsgolf . . . . .	5
§ 2. Die bewegingsvergelyking vir die stromingsgebied . . . . .	7
§ 3. Transformasie van die differensiaalvergelyking. Die rantvoorwaardes	12
HOOFSTUK II. <i>Oplossings van die partiële differensiaalvergelyking deur middel van kwosiente van eenvoudige funksies</i> . . . . .	19
§ 4. Oplossing van die tipe $(1 + gt)^m / (1 + hs)^n$ wat by 'n bepaalde verloop van $\varrho_0$ as funksie van $s$ eksak voldoen aan die differensiaalvergelyking met beide rantvoorwaardes . . . . .	19
§ 5. Poging om 'n oplossing van die tipe $(1 + gt)^m / (1 + hs)^n$ te vind as $\varrho_0$ konstant is ( $k = 5/3$ ) . . . . .	25
§ 6. Funksie van die tipe $(1 + gt)^m / q(s)$ wat aan die rantvoorwaardes almal eksak voldoen en 'n benaderde oplossing van die vergelyking (3.3b) self is, $\varrho_0$ konstant ( $k = 5/3$ ) . . . . .	27
§ 7. Oplossing in die vorm van $(1 + gt)^m / q(s)$ met 'n algemener uitdrukking vir $q$ vir die geval $\varrho_0$ konstant ( $k = 5/3$ ) . . . . .	29
§ 8. Funksie van die tipe $(1 + g_1 t) / q(s)$ wat aan albei die rantvoorwaardes eksak voldoen en van die vergelyking (3.3b) self 'n benaderde oplossing is . . . . .	33
§ 9. Oplossing van die vorm $(1 + g_1 t) / q(s)$ wat aan die vergelyking (3.3b) en aan die eerste, maar nie aan die tweede rantvoorwaarde eksak voldoen nie . . . . .	36
HOOFSTUK III. <i>Oplossings van die partiële differensiaalvergelyking in die vorm van funksies van die tipe <math>u(t)^3 / v(s)^3</math></i> . . . . .	40
§ 10. Funksie van die tipe $u(t)^3 / v(s)^3$ wat aan die differensiaalvergelyking en die eerste rantvoorwaarde eksak voldoen maar nie aan die tweede nie	40
§ 11. Die afwyking van die rantvoorwaarde vir die baan van die verdigtingsgolf . . . . .	46
§ 12. Die geval $\lambda = 5$ . . . . .	49
§ 13. Die geval $\lambda = 1$ . . . . .	53
§ 14. Die geval $\lambda = \sqrt{7/8}$ . . . . .	56
§ 15. Vergelykende tabel en diagram . . . . .	58
§ 16. Vergelyking van oplossings met $\lambda = 0$ , $\lambda = \sqrt{7/8}$ , $\lambda = 1$ , $\lambda = 5$ en $\lambda = \infty$ met die reeksontwikkeling van prof. J. M. BURGERS op bls. 270 van „Proc. Royal Neth. Acad. of Sciences”, Vol. 50, 1947	60

	Bls.
§ 17. Funksie van die tipe $u(t)^3/v(s)^3$ wat aan al die rantvoorwaardes eksak voldoen, maar van die vergelyking self slegs 'n benaderde oplossing is . . . . .	64
§ 18. Reeksontwikkeling vir $\Phi$ aan die hand van § 17 vir die gevalle $\lambda = 0$ , $\lambda = \sqrt{7/8}$ , $\lambda = 1$ en $\lambda = \infty$ . . . . .	68
 HOOFSTUK IV. <i>Die snelheid van die suier</i> . . . . .	
§ 19. Die eindsnelheid van die suier as $t$ onbegrensd toeneem . . . .	71
§ 20. Die verloop van die snelheid van die suier aan die hand van die verkreeë formules vir $\lambda = 0$ , $\lambda = 1$ en $\lambda = \infty$ . . . . .	78
 HOOFSTUK V. <i>Poging om 'n verbetering van die polinomiale oplossing van § 7 te kry</i> . . . . .	
§ 21. Transformasie van die differensiaalvergelyking. De rantvoorwaardes	85
 SUMMARY . . . . .	
SAMENVATTING . . . . .	99

## INLEIDING.

Hierdie proefskrif het tot onderwerp die samestelling van 'n benaderingsoplossing vir 'n nie-lineêre partiële differensiaalvergelyking met 'n gekompliseerde rantvoorwaarde, wat hom voorgedoen het by 'n probleem betreffende die beweging van 'n gas met 'n baie hoë snelheid.

Die bedoelde probleem is opgewerp deur prof. dr. J. M. BURGERS in 'n artikel oor aerodinamiese probleme wat verband hou met die beweging van interstellêre gaswolke, in „Proceedings Royal Netherlands Academy of Sciences, Amsterdam,” Vol. 50, Nos. 3, 4 en 5 (respektiewelik bladsye 262, 332 en 442), 1947.

In hierdie artikel bespreek prof. BURGERS die beweging van 'n dun wolk (skil) gas wat met 'n baie hoë snelheid in 'n rigting loodreg op sy vlak beweeg en dan stoot teen 'n uitgebreide gasmassa van veel laer digtheid en met 'n vlakke-deursnee loodreg op die rigting van beweging.

Hierdie probleem spruit voort uit sekere astronomiese waarnemings wat ons hier nie aangaan nie.

Prof. BURGERS herlei die probleem dan tot die volgende meganiese analoog:

'n Silindriese buis wat in een rigting, sê na regs, onbepaald uitstrek, is gevul met 'n homogene gas wat vanaf die oorsprong na regs, eweëns onbepaald uitstrek en oral in rus verkeer. Links van die oorsprong bevind 'n suier hom in die buis wat presies daarin pas. Hierdie suier word deur 'n stoot met 'n baie hoë snelheid na regs in beweging gebring. Dit tref die gas by die oorsprong. Die stelsel word dan aan homself oorgelaat en daar word gevra om in besonder die beweging van die suier te ondersoek en te bereken.

Die bewegings vind uitsluitend in één rigting plaas, waarvoor ons die  $x$ -as sal kies. Voorts is die bewegings 'n funksie van die tyd.

Die eenaardige, maar tewens ook merkwaardige van hierdie vraagstuk is geleë in die omstandigheid dat sodra die suier teen die gas stoot 'n verdigtingsgolf in die gas ontstaan, wat hom met 'n baie hoë snelheid na regs in die gas voortplant. Tegelykertyd word die beweging van die suier gerem deur die hoë gasdruk wat ontstaan as gevolg van die verdigting wat optree in die gebied wat deur die golf deurloop is. Die vertraging van die suier het nou tot gevolg dat verdunningsgolwe ontstaan wat eweëns vanaf die suier uitgaan. Ons kan bewys dat hierdie verdunningsgolwe die in-die-eerste-oomblik-verskyne verdigtingsgolf inhaal, waardeur die verdigtingsgolf in sterkte afneem. Daardeur neem die voortplantingsnelheid van hierdie golf af, terwyl tewens nuwe golwe ontstaan deur terugkaatsing van die verdunningsgolwe wat van die suier uitgaan aan die verdigtingsgolf.



'n Voorbeeld van die verskyning van enkele teruggekaatste golwe is gegee deur prof. BURGERS in „Over de eendimensionale voortplanting van drukstoringen in een ideaal gas,” Verslagen Ned. Akad. van Wet., Vol. 52, Nos. 8 en 9 (blss. 479 en 562), 1943. Ons kry dietengevolge in die gebied tussen die suier en die verdigtingsgolf 'n ingewikkelde spel van mekaar-deurkruisende golwe, waarby die omstandigheid dat die bewegingsvergelykings vir die gas nie lineêr is nie, 'n behandeling besonder ingewikkeld maak.

Aangesien die verdunningsgolwe in die gebied tussen die suier en die verdigtingsgolf kontinu op mekaar volg, kan ons by die behandeling van die probleem uitgaan van die differensiaalvergelykings vir die beweging van die gas. Hierdie vergelykings word meesal gegee in die vorm van EULER:

$$\left. \begin{aligned} \rho \left( \frac{\partial u}{\partial t} + u \frac{\partial u}{\partial x} \right) &= - \frac{\partial p}{\partial x} \\ \frac{\partial \rho}{\partial t} + u \frac{\partial \rho}{\partial x} &= - \rho \frac{\partial u}{\partial x} \end{aligned} \right\} \quad (A)$$

waarin  $u$  = snelheid van 'n volume-element,  $\rho$  = digtheid (beide beskou as funksies van die tyd  $t$  en van die posisie  $x$  waar die beskoude volume-element hom op tydstip  $t$  bevind) en  $p$  die druk voorstel. Die tweede vergelyking is die kontinuïteitsvergeliking. By hierdie vergelykings behoort nog 'n betrekking tussen die digtheid en die druk. By kontinu-verlopende prosesse, waarby inwendige wrywing en warmtegeleiding verwaarloos kan word, is die toestandsverandering van elke volume-element adiabaties en isentropies. Vir elke volume-element geld dan die betrekking van POISSON:

$$p/p_0 = (\rho/\rho_0)^k \quad (B)$$

waar  $p_0$  en  $\rho_0$  betrekking het op 'n aanvangstoestand van die element en  $k$  die verhouding is van die soortelike warmtes by konstante druk en by konstante volume. Die toepassing van vergelykings (A) tesame met die vergelyking van POISSON is veral dan eenvoudig wanneer ons kan aanneem dat die aanvangstoestand vir alle volume-elemente dieselfde is, waardeur dan  $p_0$  en  $\rho_0$  konstante word vir die hele veld. Dit is egter juis nie die geval met die probleem wat tans onder behandeling is nie. Sodra naamlik die verdigtingsgolf 'n volume-element passeer, vind in die element 'n nie-isentropiese toestandsverandering plaas, ten gevolge waarvan ons in die vergelykings vir die gebied agter die verdigtingsgolf as „aanvangstoestand” moet neem, die toestand wat optree juis nadat die verdigtingsgolf oor die beskoude element heengegaan het. Aangesien egter die sterkte van die verdigtingsgolf, soos reeds opgemerk, afneem, is hierdie „aanvangstoestand” vir elke volume-element anders.

Dié omstandigheid het tot gevolg dat ons by die beskrywing van die beweging, die geskiedenis van elke afsonderlike volume-element moet kan volg. Soos bekend is hiertoe die vergelykings van EULER minder geskik;

dit is beter om gebruik te maak van die vorm wat LAGRANGE aan die vergelykings gegee het. Op hierdie vorm kom ons in hoofstuk I, wat gewy word aan die herleiding van die bewegingsvergelyking vir die stromingsgebied, terug.

Prof. BURGERS het die bewegingsvergelyking, nadat hy hierop enige transformasies toegepas het, in die vorm van 'n vergelyking vir 'n funksie  $\Phi$ , wat 'n maat is vir die spesifieke uitsetting van 'n volume-element, gebring. Hy het vir hierdie vergelyking met die daarby-behorende gekompliseerde rantvoorwaardes 'n oplossing gekonstrueer deur middel van 'n reeksontwikkeling, wat egter slegs vir die eerste stadia van die beweging bruikbaar is.

In hierdie proefskrif is nou getrag om benaderingsoplossings van die bedoelde differensiaalvergelyking vir  $\Phi$  te vind, wat ons in staat stel om die beweging van die suier oor 'n groot tydsverloop te volg. Hierby is gebruik gemaak van aanwysings van prof. dr. S. C. VAN VEEN wat 'n middel aan die hand gedoen het om die differensiaalvergelyking op te los hetsy deur middel van 'n kwosiënt van eenvoudige polinome, hetsy deur 'n kwosiënt van 'n iets meer gekompliseerde algebraïese funksie en 'n hipergeometriese funksie. Hierdie oplossings voldoen eksak aan die differensiaalvergelyking, dog slegs by benadering aan die gekompliseerde rantvoorwaarde. Ondersoek is van welke aard die oorblywende afwyking is en hoedat dit so gering moontlik gemaak kan word.

Die geval van die oplossing deur middel van 'n kwosiënt van eenvoudige polinome is in hoofdstuk II ondersoek. Die toepassing van die hipergeometriese funksies wat 'n ekstra parameter in die oplossing bring, gee die moontlikheid om 'n beter benadering te kry as wat met die oplossing deur middel van 'n tweeterm moontlik is. Aan die uitwerk van hierdie oplossing, in besonder die numerieke berekening, en die bepaling van die baan van die suier, is in hierdie proefskrif veel aandag bestee; hieraan is hoofstukke III en IV gewy.

Hierbenewens het ons (ook in hoofstukke II en III) getrag om oplossings te konstrueer wat aan albei die rantvoorwaardes eksak voldoen en van die differensiaalvergelyking self 'n benaderde oplossing is. Hierdeur kan ons die verloop van die beweging van die suier langs 'n ander weg benader.

Ten slotte is in hoofstuk V aangegee op welke wyse getrag kan word om 'n korreksie op die polinomiale oplossing van § 7 te konstrueer, deur hieraan 'n onbekende funksie toe te voeg, wat as baie klein beskou word, sodat ons ons kan bepaal by terme lineër in hierdie funksie. 'n Numerieke uitwerking van hierdie vraagstuk kon nog nie tot stand gebring word nie; dit blyk dat ten gevolge van die eienaardige karakter van die lastige rantvoorwaardes tal van moeilike detailprobleme hulle voordoën. Die gegewe uiteensettings mag egter 'n beeld verskaf van die wyse waarop klein afwykings in die gedrag van die verdigtingsgolf hulle elders in die veld sal laat geld.

In die eerste opset van die vergelykings sal die probleem deur ons iets

algemener gestel word as wat deur prof. BURGERS gedoen is: ons sal nie aanneem dat die oorspronklike digtheid van die gas in die buis konstant is nie. Die gas sal dan nie in rus kan verkeer nie, dog ons neem aan dat die snelhede baie klein bly in vergelyking met dié van die suier en van die snelhede wat deur die stoot daarvan teen die gas veroorsaak word. Dit sal blyk dat vir 'n besondere geval van digtheidsverloop 'n eenvoudige eksakte oplossing van die vraagstuk te vinde is wat tewens eksak aan al die rantvoorwaardes voldoen.

## HOOFSTUK I.

### Afleiding van die differensiaalvergelyking wat die beweging van die gas beheers.

#### § 1. Die verdigtingsgolf.

Voordat ons met die eintlike afleiding van die te-bestudere differensiaalvergelyking begin, laat ons hier eers enkele beskouings volg oor die aard van 'n verdigtingsgolf, aangesien dit in die voor-ons-liggende probleem 'n prinsipiële rol speel. Ons bepaal ons oral tot beweging in één afmeting.

#### a. Aard van 'n verdigtingsgolf:

By die algemene eendimensionale stromingsprobleem is dit ons taak om die snelheid  $u$ , die druk  $p$ , en die digtheid  $\rho$  in 'n willekeurige punt te bepaal. In die geval van gasse is die temperatuur  $T$  'n vierde onbekende. D.w.s.  $u$ ,  $p$ ,  $\rho$  en  $T$  moet afsonderlik uitgedruk word in terme van twee veranderlikes, 'n koördinaat, sê  $x$ , en die tyd  $t$ . In die geval van ideale gasse (waarby ons ons in ons beskouing uitsluitlik sal bepaal) het ons vir hierdie doel vier vergelykings tot ons beskikking, nl. die energie-, kontinuiteits-, momentum-, en toestandsvergelykings.

In die behandeling van stromings met baie hoë snelhede kan die wrywing in die algemeen verwaarloos word, behalwe in sekere besondere gebiede, bv. in die bekende „grenslaag” teen die oppervlak van 'n liggaam wat in die stromende stof verkeer. Daar kom ook ander uitsonderings voor by saamdrukke gasse in die vorm van dun lae wat deur die stromende stof strek as 'n soort van inwendige grenslaag; d.w.s. as 'n laag wat twee gebiede van verskillende snelheid, druk en digtheid van mekaar skei. M.a.w. by deurgang deur so'n laag doen 'n sprong hom in die drie genoemde groothede voor. Ons kan dus spreek van 'n oorgangslaag. As die taatheid van die stromende stof baie klein word, dan nader die dikte van die oorgangslaag tot nul, en dit word 'n matematiese diskontinuiteitslaag. 'n Dergelike oorgangslaag kan ons aandui as 'n „druksprong”. Aangesien hierdie oorgangslae of drukspronge hulle in die algemeen deur die stromingsveld heen voorplant, is ook die benaming „verdigtingsgolf” gebruiklik.

By die behandeling van probleme waarby dergelike diskontinuiteitslae voorkom, kan ons meesal volstaan met die bewegingsvergelykings toe te pas op die gebiede aan weerskante van die oorgangslaag waarin dan weer die wrywing verwaarloos kan word, terwyl ons vir die laag self sekere oorgangsvoorwaardes kan aflei wat die verband beskrywe tussen die stromingstoestande aan weerskante daarvan.

Soos reeds opgemerk is by kontinuu-verlopende stromingsprosesse waarby inwendige wrywing en warmtegeleiding verwaarloos kan word, die toe-

standsverandering van elke volume-element adiabaties en isentropies; vir elke volume-element geld die betrekking (B), d.i. die vergelyking van POISSON.

By stromings waarin egter diskontinuiteitslae of drukspronge optree moet rekening gehou word met die inwendige wrywing en warmtegeleiding in so'n laag. Die toestandsverandering is derhalwe nie isentropies nie. Dit bring mee dat as ons die toestande aan weerskante van so 'n diskontinuiteitslaag met mekaar vergelyk, die verband tussen die druk  $p$  en die digtheid  $\rho$ , nie meer beantwoord aan vergelyking (B) nie.




Fig. 1.

b. Betrekkings wat geld by 'n diskontinuiteitslaag of verdigtingsgolf:

Sê dat  $L$  'n stasionêre diskontinuiteitslaag is in 'n stof wat na regs stroom.

Ofskoon in die eintlike oorgangslaag inwendige wrywing en warmtegeleiding nie verwaarloos kan word nie, oefen die materie in die oorgangslaag geen krag na buite uit nie, nog staan dit warmte na buite af, of neem dit op; ewemin gaan materie verlore. Dit het tot gevolg dat ons op die gebiede aan weerskante van die diskontinuiteitslaag die momentum-, energie-, en diskontinuiteitsvergelykings kan toepas.

Die momentum-, energie-, en kontinuïteitsvergelykings word dan respektiewelik:

$$p_1 + \rho_1 u_1^2 = p_2 + \rho_2 u_2^2 \quad (1.2)$$

$$\frac{1}{2} u_1^2 + \frac{k}{k-1} \frac{p_1}{\rho_1} = \frac{1}{2} u_2^2 + \frac{k}{k-1} \frac{p_2}{\rho_2} \quad (1.3)$$

$$\rho_1 u_1 = \rho_2 u_2. \quad (1.4)$$

Uit hierdie drie vergelykings volg maklik die betrekking

$$\frac{u_1}{u_2} = \frac{\rho_2}{\rho_1} = \frac{(k+1)p_2 + (k-1)p_1}{(k-1)p_2 + (k+1)p_1}. \quad (1.5)$$

Hierdie verband tussen die snelheid, digtheid en druk verskil van dié wat geld vir 'n isentropiese stroming. In die laag  $L$  vind daar dus sekerlik omsetting van meganiese energie in warmte plaas, wat gepaard gaan met 'n toename in entropie.

Ons het ons hier bepaal by 'n stasionêre diskontinuiteitslaag. Dit was onnodig. Dit kom dikwels voor dat so'n laag (in die vervolg 'n *verdigtingsgolf* genoem) hom in 'n stromende stof voortplant. Hierdie geval word tot die vorige herlei deur 'n ander keuse van ons koördinatestelsel.

Voorts wil ons nog enige betrekkinge vir verdigtingsgolwe wat ons sal nodig kry, noem. Hierdie betrekkinge kan in tal van vorms gebring word. Ons noem dié soos herlei deur prof. BURGERS in „Over de eendimensionale voortplanting van drukstoringe in een ideaal gas”, Verslagen Ned. Akad. van Wet., Vol. 52, No. 8 (bls. 477), 1943.




Fig. 2.

Laat 'n verdigtingsgolf hom met 'n snelheid  $\xi$  voortplant in 'n gas in rus, waarin die druk en digtheid in die ongestoorde toestand  $p_0$  en  $\rho_0$  respektiewelik, is en  $c_0$  die geluidssnelheid; sê dat die snelheid, druk en digtheid van die gas net agter die verdigtingsgolf  $u$ ,  $p_1$ , en  $\rho_1$  is. Dan:

$$\left. \begin{aligned} \text{(I)} \quad \xi &= \beta u + \sqrt{c_0^2 + \beta^2 u^2} && \text{waar } \beta = \frac{1}{4}(k+1) \\ \text{(II)} \quad p_1 &= p_0 + \rho_0 \xi u \\ \text{(III)} \quad \rho_1 &= \rho_0 \xi / (\xi - u) \end{aligned} \right\} \quad (1.6)$$

As  $u$  veel groter is as  $c_1$ , sodanig dat  $c_0$  en  $p_0$  verwaarloosbaar klein is in vergelyking daarmee, dan word die formules:

$$\left. \begin{aligned} \text{(I)} \quad \xi &= 2\beta u = \frac{1}{2}(k+1)u \\ \text{(II)} \quad \rho_1 &= \frac{2\beta}{2\beta-1} \rho_0 = \frac{k+1}{k-1} \rho_0 \\ \text{(III)} \quad p_1 &= 2\beta \rho_0 u^2 = \frac{1}{2}(k+1) \rho_0 u^2 \end{aligned} \right\} \quad (1.7)$$

As  $u$ , omgekeerd, verwaarloosbaar klein is in vergelyking met  $c_0$ , dan kry ons die geval van die voortplanting van 'n geluidsgolf.

## § 2. Die bewegingsvergelyking vir die stromingsgebied.

In die herleiding van die bewegingsvergelyking volg ons die gang van prof. BURGERS in „Proceedings Royal Netherlands Academy of Sciences, Amsterdam”, Vol. 50, No. 3 (bls. 262), 1947.

Ons het reeds gemeld dat sodra die suier teen die gas in die buis stoot, 'n verdigtingsgolf ontstaan, wat met 'n hoë snelheid na regs voortgeplant word. Die beweging van die suier word al dadelik gerem deur die gasdruk. Verdunningsgolwe ontstaan onmiddelik wat die verdigtingsgolf agterhaal. In die gebied tussen die suier en die verdigtingsgolf kry ons 'n kontinue toestandsverandering. Vir hierdie gebied geld dan die gewone bewegingsvergelykings vir stromende media. Ook die wet van POISSON vir isentropiese toestandsveranderinge geld hier, waarby egter die aanvangstoestand

vir elke element bepaal word deur die sterkte van die verdigtingsgolf toe dit hierdie element passeer het.

As gevolg hiervan sal die aanvangstoestand vir elke element verskillend wees.

Ons gaan uit van LAGRANGE se vorm van die bewegingsvergelyking:

$$\frac{du}{dt} = - \frac{1}{\rho} \frac{\partial p}{\partial x}. \quad (2.1)$$

Beskou nou die gas in die buis as opgebou uit opmekaarvolgende skille (lae) waarvan die deursneevlakke loodreg op die as van die buis staan. Die skille onderskei ons dan van mekaar met behulp van 'n parameter  $s$ . Die reël waarvolgens die onderskeiding plaasvind is voorlopig nog willekeurig. Ons sal later 'n bepaalde reël voorskryf wat tot 'n aansienlike vereenvoudiging van die bewegingsvergelyking sal lei.

Vir die skil gas in aanraking met die suier neem ons  $s = 0$  en  $s > 0$  vir alle ander skille.

Laat ons dan die beweging van 'n skil  $s$  aangee deur

$$x = \varphi(s; t) \quad (2.2)$$

waar  $t$  die tyd is en  $x$  die afstand afgelê deur die skil in tyd  $t$ .

Die snelheid van 'n skil word dan aangegee deur

$$u = \frac{dx}{dt} = \frac{\partial \varphi}{\partial t}. \quad (2.3)$$

Die uitsetting van 'n skil  $s$  word bepaald deur  $\partial \varphi / \partial s$  as 'n funksie van  $t$  vir bepaalde  $s$ . Dus, as  $\rho$  die digtheid van die skil  $s$  is, dan is

$$\rho = \theta_1(s) \left( \frac{\partial \varphi}{\partial s} \right)^{-1} \quad (2.4)$$

waar  $\theta_1(s)$  'n funksie van  $s$  alleen is.

Volgens die wet van POISSON vir 'n isentropiese toestandsverandering (wat ons aanneem geld vir elke skil) word die druk  $p$  dan gegee deur

$$p = \theta_2(s) \left( \frac{\partial \varphi}{\partial s} \right)^{-k} \quad (2.5)$$

waar  $\theta_2(s)$  weer 'n funksie van  $s$  alleen is.

Substitueer nou uit (2.3), (2.4), en (2.5) in (2.1); ons kry:

$$\frac{\partial^2 \varphi}{\partial t^2} = - \frac{1}{\theta_1(s)} \frac{\partial}{\partial s} \left[ \theta_2(s) \left( \frac{\partial \varphi}{\partial s} \right)^{-k} \right]. \quad (2.6)$$

Dit is die bewegingsvergelyking vir die gebied begrens deur die front van die suier enersyds en andersyds deur die verdigtingsgolf aan die front van die gebied wat deur die bewegende suier geaffekteer word.

Sê dat die snelheid van die suier  $\bar{V}$  is na tyd  $t$  en dat die massa daarvan per eenheid van frontoppervlakte  $\bar{\rho}$  is.

Dan:

$$x_{\text{front}} = \varphi(0; t) \text{ en } \bar{V} = \left( \frac{dx}{dt} \right)_{\text{front}} = \frac{\partial \varphi(0; t)}{\partial t}. \quad (2.7)$$

As agter die suier 'n vakuum is en op die suier geen uitwendige krag behalwe die gasdruk werk nie, word die bewegingsvergelyking van die suier

$$\bar{\rho} \left( \frac{du}{dt} \right) = \bar{\rho} \left( \frac{\partial^2 \varphi}{\partial t^2} \right)_{s=0} = -p_{s=0}.$$

Substitueer vir  $p_{s=0}$  sy waarde uit (2.5) en ons kry:

$$\left( \frac{\partial^2 \varphi}{\partial t^2} \right)_{s=0} = -\frac{1}{\bar{\rho}} \theta_2(0) \left( \frac{\partial \varphi}{\partial s} \right)_{s=0}^{-k}. \quad (2.8)$$

Vergelyking (2.8) gee 'n rantvoorwaarde vir  $s = 0$ .




Fig. 3.

'n Tweede rantvoorwaarde staan in verband met die verdigingsgolf. Stel die baan van die front van die verdigingsgolf voor deur  $x = \Psi(t)$  waar  $\Psi$  voorasnog 'n onbekende funksie van  $t$  is. Sê dat die snypunt van die baan van die verdigingsgolf en die van skil  $s$  die punt  $(X, T)$  is. (D.w.s. die verdigingsgolf bereik skil  $s$  na tyd  $T$ ).



Ons het dan

$$\Psi(T) = \varphi(s; T). \quad (2.9)$$

Dit gee  $s$  as 'n funksie van  $T$  langs die baan van die verdigtingsgolf of andersom.

Die voortplantingsnelheid van die verdigtingsgolf na tyd  $T$  word gegee deur

$$\left(\frac{d\Psi}{dt}\right)_{t=T} = \frac{d\Psi}{dT}, \quad \text{sê.}$$

Ons het die volgende verband tussen die voortplantingsnelheid  $d\Psi/dT$  van die verdigtingsgolf en die snelheid  $(\partial\varphi/\partial t)_{t=T}$  van die gas onmiddellik agter die golf uit formule (1.6), (I):

$$\frac{d\Psi}{dT} = \beta \left(\frac{\partial\varphi}{\partial t}\right)_{t=T} + \left[ c_0^2 + \beta^2 \left\{ \left(\frac{\partial\varphi}{\partial t}\right)_{t=T} \right\}^2 \right]^{\frac{1}{2}}. \quad (2.10)$$

Die waardes van  $\theta_1(s)$  en  $\theta_2(s)$  volg dan uit (2.4), (2.5) en (1.6), (II) en (III):

$$\left. \begin{aligned} \theta_1(s) &= \varrho_1 \left(\frac{\partial\varphi}{\partial s}\right)_{t=T} = \varrho_0 \frac{d\Psi}{dT} \left(\frac{\partial\varphi}{\partial s}\right)_{t=T} \left\{ \frac{d\Psi}{dT} - \left(\frac{\partial\varphi}{\partial t}\right)_{t=T} \right\} \\ \theta_2(s) &= p_1 \left(\frac{\partial\varphi}{\partial s}\right)_{t=T}^k = \left\{ p_0 + \varrho_0 \frac{d\Psi}{dT} \left(\frac{\partial\varphi}{\partial t}\right)_{t=T} \right\} \left(\frac{\partial\varphi}{\partial s}\right)_{t=T}^k \end{aligned} \right\} \quad (2.11)$$

Ons kan  $d\Psi/dT$  in albei uitdrukkings vervang met behulp van (2.10); ons kan die waardes van  $\theta_1(s)$  en  $\theta_2(s)$  so verkry, dan in (2.6) substitueer. Dit gee dan 'n bewegingsvergelyking vir die stromingsgebied wat egter onhanteerbaar is.

Laat ons dus nou aanneem dat die snelheid van die stromende gas agter die verdigtingsgolf so groot is, dat  $c_0$  in vergelyking daarmee verwaarloosbaar klein is. Uit formules (1.7) volg dan:

$$a). \quad \frac{d\Psi}{dT} = 2\beta \left(\frac{\partial\varphi}{\partial t}\right)_{t=T} = \frac{1}{2}(k+1) \left(\frac{\partial\varphi}{\partial t}\right)_{t=T} \quad (2.12)$$

$$\left. \begin{aligned} b). \quad \theta_1(s) &= \varrho_1 \left(\frac{\partial\varphi}{\partial s}\right)_{t=T} = \frac{k+1}{k-1} \varrho_0 \left(\frac{\partial\varphi}{\partial s}\right)_{t=T} \\ c). \quad \theta_2(s) &= p_1 \left(\frac{\partial\varphi}{\partial s}\right)_{t=T}^k = \frac{1}{2}(k+1) \varrho_0 \left(\frac{\partial\varphi}{\partial t}\right)_{t=T}^2 \left(\frac{\partial\varphi}{\partial s}\right)_{t=T}^k \end{aligned} \right\} \quad (2.13)$$

Laat ons nou die parameter  $s$  so definiëer dat langs die baan van die verdigtingsgolf geld:

$$s = \left(\frac{k-1}{k+1}\right) \Psi(T) = \left(\frac{k-1}{k+1}\right) \varphi(s; T). \quad (2.14)$$

Differensiëer ons nou (2.9) na  $s$  met inagneming dat  $T$  'n funksie is van  $s$ , dan kry ons

$$\frac{d\Psi}{dT} \frac{dT}{ds} = \left(\frac{\partial\varphi}{\partial t}\right)_{t=T} \cdot \frac{dT}{ds} + \left(\frac{\partial\varphi}{\partial s}\right)_{t=T},$$

d. i.  $\left(\frac{\partial\varphi}{\partial s}\right)_{t=T} = \left\{ \frac{d\Psi}{dT} - \left(\frac{\partial\varphi}{\partial t}\right)_{t=T} \right\} \frac{dT}{ds} = \frac{k-1}{k+1} \frac{d\Psi}{dT} \frac{dT}{ds}$ , uit (2.12).

Uit (2.14) volg:

$$\left(\frac{k-1}{k+1}\right) \left(\frac{d\Psi}{dT} \frac{dT}{ds}\right) = 1.$$

Dus geld langs die baan van die verdigtingsgolf:

$$\left(\frac{\partial\varphi}{\partial s}\right)_{t=T} = 1. \quad (2.15)$$

Met behulp van (2.15) vereenvoudig formules (2.13) aansienlik:

$$\left. \begin{aligned} \theta_1(s) &= \frac{k+1}{k-1} \varrho_0 \\ \theta_2(s) &= \frac{1}{2}(k+1) \varrho_0 \left(\frac{\partial\varphi}{\partial t}\right)_{t=T}^2 \end{aligned} \right\} \quad (2.16)$$

Die druk  $p$  in 'n willekeurige punt van die baan van 'n skil  $s$  kry ons nou uit (2.5):

$$p = \frac{1}{2}(k+1) \varrho_0 \left(\frac{\partial\varphi}{\partial t}\right)_{t=T}^2 \left(\frac{\partial\varphi}{\partial s}\right)^{-k}.$$

Die bewegingsvergelyking (2.6) word dus nou:

$$\frac{\partial^2\varphi}{\partial t^2} = -\frac{k-1}{2} \frac{1}{\varrho_0} \frac{\partial}{\partial s} \left[ \varrho_0 \left(\frac{\partial\varphi}{\partial t}\right)_{t=T}^2 \left(\frac{\partial\varphi}{\partial s}\right)^{-k} \right] \quad (2.17a)$$

d. i.

$$\frac{\partial^2\varphi}{\partial t^2} = -\frac{k-1}{2} \frac{\partial}{\partial s} \left[ \left(\frac{\partial\varphi}{\partial t}\right)_{t=T}^2 \left(\frac{\partial\varphi}{\partial s}\right)^{-k} \right] - \frac{k-1}{2} \frac{\varrho'_0}{\varrho_0} \left(\frac{\partial\varphi}{\partial t}\right)_{t=T}^2 \left(\frac{\partial\varphi}{\partial s}\right)^{-k} \quad (2.17)$$

waar  $\varrho'_0 = d\varrho_0/ds$ .

Die bewegingsvergelyking (2.8) vir die front van die suier word nou:

$$\left(\frac{\partial^2\varphi}{\partial t^2}\right)_{s=0} = -\frac{1}{\varrho} \frac{k+1}{2} \left\{ \varrho_0 \left(\frac{\partial\varphi}{\partial t}\right)_{t=T}^2 \left(\frac{\partial\varphi}{\partial s}\right)^{-k} \right\}_{s=0}. \quad (2.18)$$

En uit (2.17a) volg vir die front van die suier:

$$\left(\frac{\partial^2\varphi}{\partial t^2}\right)_{s=0} = -\frac{k-1}{2} \left[ \frac{1}{\varrho_0} \frac{\partial}{\partial s} \left\{ \varrho_0 \left(\frac{\partial\varphi}{\partial t}\right)_{t=T}^2 \left(\frac{\partial\varphi}{\partial s}\right)^{-k} \right\} \right]_{s=0}. \quad (2.19)$$

Uit (2.18) en (2.19) volg dus dat die rantvoorwaarde vir  $s = 0$  geskryf kan word as:

$$\left[ \frac{\partial}{\partial s} \ln \left\{ \rho_0 \left( \frac{\partial \varphi}{\partial t} \right)^2 \left( \frac{\partial \varphi}{\partial s} \right)^{-k} \right\} \right]_{s=0} = \frac{k+1}{k-1} \frac{1}{\rho} (\rho_0)_{s=0} = \text{konstant.} \quad (2.20)$$

Ons het dus nou die bewegingsvergelyking (2.17) vir die stromingsgebied met die rantvoorwaardes (2.15) langs die baan van die verdigtingsgolf en (2.20) vir  $s = 0$ .

§ 3. *Transformasie van die bewegingsvergelyking. Die rantvoorwaardes.*

Dit is gerieflik om 'n nuwe afhanklike veranderlike in te voer, nl.  $\Phi = \partial\varphi/\partial s$  en 'n diagram met  $s$  en  $t$  as koördinate.




Fig. 4.

Die grense  $s = 0$  en  $t = 0$  word reguit lyne. Die baan van die verdigtingsgolf word gegee deur die verband tussen  $s$  en  $t$  soos verkry uit (2.9), sê:

$$s = S(t). \quad (3.1)$$

Uit (2.14) en (3.1) volg nou

$$\frac{dS}{dt} = \frac{k-1}{k+1} \frac{d\Psi}{dt}.$$

En dus volg uit (2.12) dat langs die baan van die verdigtingsgolf geld:

$$\left(\frac{dS}{dt}\right)_{t=T} = (S')_{t=T}(s\hat{e}) = \frac{k-1}{k+1} \frac{d\Psi}{dT} = \frac{1}{2}(k-1) \left(\frac{\partial\varphi}{\partial t}\right)_{t=T}. \quad (3.2)$$

Differensiëer (2.17) na  $s$ :

$$\begin{aligned} \frac{\partial^2}{\partial t^2} \left(\frac{\partial\varphi}{\partial s}\right) + \frac{k-1}{2} \frac{\partial^2}{\partial s^2} \left[ \left(\frac{\partial\varphi}{\partial t}\right)_{t=T}^2 \left(\frac{\partial\varphi}{\partial s}\right)^{-k} \right] + \\ + \frac{k-1}{2} \frac{\partial}{\partial s} \left[ \frac{\varrho'_0}{\varrho_0} \left(\frac{\partial\varphi}{\partial t}\right)_{t=T}^2 \left(\frac{\partial\varphi}{\partial s}\right)^{-k} \right] = 0. \end{aligned}$$

As ons hierin  $\partial\varphi/\partial s$  deur  $\Phi$  vervang, dan word dit met behulp van (3.2):

$$\frac{\partial^2 \Phi}{\partial t^2} + \frac{2}{k-1} \frac{\partial^2}{\partial s^2} [S'^2 \Phi^{-k}] + \frac{2}{k-1} \frac{\partial}{\partial s} \left[ \frac{\varrho'_0}{\varrho_0} S'^2 \Phi^{-k} \right] = 0 \quad (3.3)$$

waarby onthou moet word dat, waar in die laatste twee terme  $(\partial\varphi/\partial t)_{t=T}$  vervang is deur  $\frac{2}{k-1} S'$ , eersgenoemde 'n funksie van  $s$  alleen is, aangesien  $T$ , kragtens (2.9) 'n funksie van  $s$  alleen is. M.a.w.  $S'$  wat deur (3.1) as 'n funksie van  $t$  gedefiniëer is, moet in (3.3) uitgedruk word as 'n funksie van  $s$ .

(3.3) is die sentrale vergelyking van die probleem.

Ons moet nou die rantvoorwaardes opnuut besien.

a. Die rantvoorwaarde vir  $s = 0$ :

Uit (2.20) volg dat

$$\left[ \frac{d}{ds} \ln \left(\frac{\partial\varphi}{\partial t}\right)_{t=T}^2 - k \frac{\partial}{\partial s} \ln \frac{\partial\varphi}{\partial s} + \frac{\varrho'_0}{\varrho_0} \right]_{s=0} = \frac{k+1}{k-1} \left\{ \frac{\varrho_0}{\varrho} \right\}_{s=0}.$$

Maar

$$\frac{d}{ds} \ln \left(\frac{\partial\varphi}{\partial t}\right)_{t=T}^2 = \frac{d}{ds} \ln (S'^2)_{t=T} = \left(\frac{2S''}{S'^2}\right)_{t=T},$$

waar  $S'' = d^2S/dt^2$ . Vir  $s = 0$  is dit 'n konstant. Dus word die rantvoorwaarde vir  $s = 0$  nou

$$\left(\frac{2S''}{S'^2}\right)_{t=T} - k \frac{\partial}{\partial s} \ln \Phi + \frac{\varrho'_0}{\varrho_0} = \frac{k+1}{k-1} \frac{\varrho_0}{\varrho},$$

$$\text{d. i.} \quad \left[ \frac{\partial}{\partial s} \ln \Phi \right]_{s=0} = \frac{1}{k} \left[ \left(\frac{2S''}{S'^2}\right)_{t=T} - \frac{k+1}{k-1} \frac{\varrho_0}{\varrho} + \frac{\varrho'_0}{\varrho_0} \right]_{s=0} = \left. \begin{aligned} &= \text{konstant} = -a(s\hat{e}). \end{aligned} \right\} \quad (3.4)$$

In die vervolg sal ons, om die formules oorsigtelik te hou, voortdurend van die hier-ingevoerde parameter  $a$  gebruik maak, sodat dit op tal van plekke in die uitkomst sal verskyn. Uit die wysé waarop hierdie parameter ingevoer is blyk dat sy waarde behalwe van konstante wat in die oplossing sal verskyn, afhanklik is van die verhouding  $\rho_0/\bar{\rho}$ , d.i. van die verhouding van die massa per oppervlakte-eenheid van die front van die suier tot die digtheid van die gas. Ons kan steeds wanneer 'n oplossing volledig verkry is, uit die daarby aangenome waarde vir  $a$  agterna bereken welke waarde aan hierdie verhouding toegeken moet word en daardeur die fisiese omstandighede vaslê waarop die gevinde oplossing betrekking het.

'n Moeilikheid sal hierby slegs dan kan optree as vergelyking (3.4) tot 'n onmoontlike waarde vir  $\rho_0/\bar{\rho}$  sou lei, wat die geval sal wees as  $\rho_0/\bar{\rho}$  hetsy nul, hetsy negatief sou word. Die waarde nul kom voor by 'n besondere geval wat béspreek word in § 4b. In alle ander gevalle is nagegaan en vasgestel dat  $\rho_0/\bar{\rho}$  'n eindige positiewe waarde kry.

Uit vergelyking (3.4) blyk verder dat die parameter  $a$  die dimensies (lengte)<sup>-1</sup> het, en dus 'n rol speel by die bepaling van die skaal van die veld.

b. Die rantvoorwaarde vir die baan van die verdigtingsgolf:

Die baan van die verdigtingsgolf word nou (soos volg uit (2.15)) bepaal deur

$$\Phi = 1. \quad (3.6)$$

As 'n oplossing van (3.3) gevind is, kan ons die waarde van  $\varphi(s; t)$  bepaal aan die hand van (2.14):

$$\varphi(s; t) = \frac{k+1}{k-1} S - \int_s^S ds \Phi(s; t). \quad (3.7)$$

Vir die integrasie regs is  $S$  'n punt van die baan van die verdigtingsgolf en  $t$  konstant.

Hierdie waarde van  $\varphi(s; t)$  sal ewewel nie sonder meer vergelyking (2.17) bevredig nie, aangesien  $S$  per definisie afhanklik is van  $t$  alleen.

Substitueer die waarde (3.7) van  $\varphi(s; t)$  in (2.17) en voer die nodige differensiasies uit:

$$\frac{\partial \varphi}{\partial t} = \frac{k+1}{k-1} S' - S' (\Phi)_{s=S} - \int_s^S ds \frac{\partial \Phi}{\partial t}$$

waar die aksent weereens differensiasie na  $t$  aandui. Maar  $\Phi_{s=S} = 1$  sodat nou volg

$$\frac{\partial \varphi}{\partial t} = \frac{2}{k-1} \frac{dS}{dt} - \int_s^S ds \frac{\partial \Phi}{\partial t} \quad (3.8)$$

en dus

$$\frac{\partial^2 \varphi}{\partial t^2} = \frac{2}{k-1} S'' - S' \left[ \frac{\partial \Phi}{\partial t} \right]_{s=S} - \int_s^S ds \frac{\partial^2 \Phi}{\partial t^2}.$$

Substitueer in die laaste term regs vir  $\partial^2\Phi/\partial t^2$  sy waarde uit (3.3); ons kry

$$\begin{aligned} -\int_s^s ds \frac{\partial^2 \Phi}{\partial t^2} &= \frac{2}{k-1} \int_s^s ds \left[ \frac{\partial^2}{\partial s^2} \{S'^2 \Phi^{-k}\} + \frac{\partial}{\partial s} \left\{ \frac{\rho_0'}{\rho_0} S'^2 \Phi^{-k} \right\} \right] = \\ &= \frac{2}{k-1} \frac{\partial}{\partial s} [S'^2 \Phi^{-k}]_s^s + \frac{2}{k-1} \left[ \frac{\rho_0'}{\rho_0} S'^2 \Phi^{-k} \right]_s^s. \end{aligned}$$

Voer ons die differensiasie in die eerste term aan die regterkant uit, met inagneming dat  $S$  'n punt van die baan van die verdigtingsgolf is en dat hierlangs  $ds/dt = S'$ , dus  $dt/ds = 1/S'$ , dan kry ons vir hierdie term

$$\begin{aligned} \frac{2}{k-1} \left[ 2S' S'' \frac{dt}{ds} \Phi_{s=S}^{-k} - k S'^2 \Phi_{s=S}^{-k-1} \left( \frac{\partial \Phi}{\partial s} \right)_{s=S} \right] - \frac{2}{k-1} \frac{\partial}{\partial s} [S'^2 \Phi^{-k}] &= \\ = \frac{4}{k-1} S'' + \frac{2k}{k-1} S' \left( \frac{\partial \Phi}{\partial t} \right)_{s=S} - \frac{2}{k-1} \frac{\partial}{\partial s} [S'^2 \Phi^{-k}], \end{aligned}$$

aangesien aan die boonste grens  $\Phi = 1$  en dus ook

$$\frac{\partial \Phi}{\partial s} \frac{ds}{dt} + \frac{\partial \Phi}{\partial t} = 0.$$

Nou word:

$$\begin{aligned} \frac{\partial^2 \varphi}{\partial t^2} &= \frac{6}{k-1} S'' + \frac{k+1}{k-1} S' \left( \frac{\partial \Phi}{\partial t} \right)_{s=S} - \frac{2}{k-1} \frac{\partial}{\partial s} (S'^2 \Phi^{-k}) + \\ &+ \frac{2}{k-1} \left[ \frac{\rho_0'}{\rho_0} S'^2 \Phi^{-k} \right]_s^s = \frac{6}{k-1} S'' + \frac{k+1}{k-1} S' \left( \frac{\partial \Phi}{\partial t} \right)_{s=S} - \\ &- \frac{2}{k-1} \frac{\partial}{\partial s} (S'^2 \Phi^{-k}) + \frac{2}{k-1} \left( \frac{\rho_0'}{\rho_0} S'^2 \right) - \frac{2}{k-1} \left( \frac{\rho_0'}{\rho_0} S'^2 \Phi^{-k} \right). \end{aligned}$$

As dan die waarde van  $\varphi(s; t)$  soos gegee deur (3.7) vergelyking (2.17) moet bevredig, dan moet die som van die eerste, tweede en vierde terms aan die regterkant nul wees; d.i.

$$\left( \frac{\partial \Phi}{\partial t} \right)_{s=S} + \frac{6}{k+1} \frac{S''}{S'} + \frac{2}{k+1} \frac{\rho_0'}{\rho_0} S' = 0. \quad (3.9)$$

(3.9) is die voorwaarde waaraan langs die baan van die verdigtingsgolf voldoen moet word.

#### Opsommend:

Die bewegingsvergelyking vir die stromingsgebied is herlei tot

$$\frac{\partial^2 \Phi}{\partial t^2} + \frac{2}{k-1} \frac{\partial^2}{\partial s^2} [S'^2 \Phi^{-k}] + \frac{2}{k-1} \frac{\partial}{\partial s} \left[ \frac{\rho_0'}{\rho_0} S'^2 \Phi^{-k} \right] = 0 \quad (3.3)$$

met die volgende rantvoorwaardes:

(I) langs  $s = 0$  geld

$$\frac{\partial \Phi}{\partial s} = -a \Phi \quad (3.5)$$

(II) langs die baan  $s = S(t)$ , van die verdigtingsgolf is

$$\Phi = 1 \text{ en } \left( \frac{\partial \Phi}{\partial t} \right)_{s=S} + \frac{6}{k+1} \frac{S''}{S'} + \frac{2}{k+1} \frac{\rho_0'}{\rho_0} S' = 0. \quad (3.9)$$

$\varphi(s; t)$  word bepaal uit:

$$\varphi(s; t) = \frac{k+1}{k-1} S - \int_s^S ds \Phi(s; t). \quad (3.7)$$

Stel ons  $k = 5/3$  dan word vergelyking (3.3)

$$\frac{\partial^2 \Phi}{\partial t^2} + 3 \frac{\partial^2}{\partial s^2} (S'^2 \Phi^{-5/3}) + 3 \frac{\partial}{\partial s} \left( \frac{\rho_0'}{\rho_0} S'^2 \Phi^{-5/3} \right) = 0 \quad (3.3a)$$

met die rantvoorwaardes:

(I) langs  $s = 0$ :

$$\frac{\partial \Phi}{\partial s} = -a \Phi \quad (3.5a)$$

(II) langs  $s = S(t)$ :

$$\Phi = 1 \text{ en } \left( \frac{\partial \Phi}{\partial t} \right)_{s=S} + \frac{9}{4} \frac{S''}{S'} + \frac{3}{4} \frac{\rho_0'}{\rho_0} S' = 0. \quad (3.9a)$$

In die geval is

$$\varphi(s; t) = 4S - \int_s^S ds \Phi(s; t). \quad (3.7a)$$

As ons aanneem dat die gas aanvanklik oral in die buis dieselfde digtheid het, dan kry ons (met  $k = 5/3$ ) eweas prof. BURGERS, die bewegingsvergeljking:

$$\frac{\partial^2 \Phi}{\partial t^2} + 3 \frac{\partial^2}{\partial s^2} (S'^2 \Phi^{-5/3}) = 0 \quad (3.3b)$$

met die rantvoorwaardes:

(I) langs  $s = 0$ :

$$\frac{\partial \Phi}{\partial s} = -a \Phi \quad (3.5b)$$

(II) langs  $s = S(t)$ :

$$\Phi = 1 \text{ en } \left( \frac{\partial \Phi}{\partial t} \right)_{s=S} + \frac{9}{4} \frac{S''}{S'} = 0. \quad (3.9b)$$

$\varphi(s; t)$  word ook nou bepaal soos in (3.7a) (3.7b)

## HOOFSTUK II.

### Oplossings van die partiële differensiaalvergelyking vir $\Phi$ deur middel van kwasiënte van eenvoudige funksies.

Die partiële differensiaalvergelyking vir  $\Phi$  wat ons in die vorige hoofstuk verkry het, is nie-lineêr. Die nie-lineariteit kom op twee plekke tot uitdrukking: eensyds deur die voorkoms van die faktor  $\Phi^{-1}$ , andersyds deurdat die funksie  $S'^2$  op 'n gekompliseerde wyse met een van die rantvoorwaardes saamhang. Reeds is vermeld dat deur prof. BURGERS 'n oplossing van hierdie vergelyking verkry is wat voldoen aan al die rantvoorwaardes van die probleem deur middel van 'n ontwikkeling van  $\Phi$  in magte van  $t$  en  $s$ , wat soos volg begin:

$$\Phi = 1 + a_1 t + a_2 s + b_1 t^2 + b_2 t s + \dots$$

Ons moet egter verwag dat hierdie ontwikkeling slegs 'n beperkte konvergensiegebied besit, aangesien by substitusie van die reeks in die differensiaalvergelyking, dit nodig is om die binomiaalreeks toe te pas ter herleiding van  $\Phi^{-1}$ , welke reeks konvergeer solang  $|\Phi - 1| < 1$ . Die oplossing van prof. BURGERS maak dit derhalwe nie moontlik om die verloop van die beweging, in besonder dié van die suier, oor 'n ruime tydverloop te oorsien nie.

Tog vorm die verloop van die beweging na 'n geruime tyd juis een van die interessante punte van die probleem. Aangesien ons veronderstel het dat agter die suier sig 'n vakuum bevind moet ons verwag dat die snelheid van die suier op die duur deur die vertragende werking van die gasdruk op sy voorkant, tot nul sal afneem en dan van teken sal verander. Dit is derhalwe van belang om na oplossings te soek wat vir groot tydintervalle bruikbaar is, en eventueel 'n asimptotiese karakter sou vertoon, in dié sin dat hulle juis 'n goeie benadering sal gee as  $t$  na oneindig gaan.

Dit het nie geluk om 'n oplossing te konstrueer waarvan bewys kan word dat dit vir groot waardes van  $t$  steeds beter aan die vergelyking en die daarby-behorende rantvoorwaardes voldoen, terwyl dit bowendien (dit is 'n essensiële voorwaarde vir die fisiese probleem) ontwikkel is uit 'n oplossing wat vir  $t \rightarrow 0$  eksak aan alle rantvoorwaardes voldoen nie. Die nie-lineêre karakter van die vergelyking (3.3b) maak dit daarvoor te weinig hanteerbaar. Dit spreek vanself dat geeneen van die gewone metodes van reeksontwikkeling wat by lineêre vergelykings soveel moontlikhede bied in hierdie geval toegepas kan word nie. Hierdeur misluk ook elke poging tot aanwending van een van die by-die-lineêre-vergelyking-gebruikte metodes van opeenvolgende benaderings.



Deur sy vorm lok vergelyking (3.3b) wel tot toepassing van die gedagte om tot 'n skeiding van die veranderlikes  $s$  en  $t$  te kom, deur die gesogte funksie  $\Phi$  voor te stel as 'n produk of kwosient van twee funksies, waarvan die een slegs van  $t$  en die ander sleg van  $s$  afhanklik is. Die metode geluk inderdaad in soverre as wat ons daardeur 'n eksakte oplossing van die partiële differensiaalvergelyking kan vind, waarmee bowendien gemaklik voldoen kan word aan die rantvoorwaarde by die suier (d.i. die rantvoorwaarde vir  $s = 0$ ). Ons kan egter nie tegelykertyd voldoen aan die rantvoorwaarde langs die baan van die verdigtingsgolf nie. Dit blyk in die oplossing dat ons by die keuse van die funksies van  $t$  en  $s$  wat by dié oplossing gebruik kan word baie beperk is en dat daarin slegs enkele vry te kiesse koëffisiënte voorkom. Juis hierin is 'n teëstelling geleë met die ooreenkomstige resultate by die oplossing van lineêre differensiaalvergelykings volgens die analoge metode: by laasgenoemde tree gewoonlik een of meer parameters op waarvoor ons 'n (aftelbaar) oneindige reeks van waardes kan aanneem, sodat ons oor 'n oneindige reeks van addisioneelte-kombinêre oplossings beskik, waarin dus ook (aftelbaar) oneindig veel nog nader-te-bepale koëffisiënte voorkom.

Ons kan andersyds volgens die produk- of kwosientmetode 'n oplossing saamstel wat eksak aan beide rantvoorwaardes voldoen, dog geen suiwere oplossing van die differensiaalvergelyking self is nie.

Slegs in een besondere spesiale geval geluk dit ons om 'n eksakte oplossing van die differensiaalvergelyking plus rantvoorwaardes te verkry: dit doen sig voor wanneer vir die oorspronklike digtheid van die ongestoorde gas geen konstante waarde geneem word nie, dog 'n waarde wat op 'n heel bepaalde manier van  $s$  afhang (met toenemende waarde van  $s$  word dit steeds kleiner). Dit blyk dat in dié geval die snelheid van die suier asymptoties tot nul afneem en dat die beweging daarvan nie van rigting omkeer nie.

Ons sal ons in wat volg besig hou met oplossings wat verkry is volgens die weg wat in voorgaande aangedui is. Daarby het ons die gedagte aanvaar dat óf aan die tweede rantvoorwaarde óf aan die differensiaalvergelyking self nie eksak voldoen kan word nie. Deur 'n onderlinge vergelyking van oplossings van verskillende tipes kan ons enigermate 'n oordeel vorm oor die graad van benadering wat langs dié weg bereikbaar is.

Ons sal ons in hierdie hoofstuk besighou met funksies  $\Phi$  van die tipe  $f(t)/q(s)$  waarin vir  $f$  die uitdrukking  $(1 + gt)^m$  geneem word ( $g$  en  $m$  konstante). In die volgende hoofstuk sal die vorm van  $f$  nie a priori op hierdie wyse vasgelê word nie; dit sal blyk dat 'n iets algemener vorm moontlik is, waardeur die beskikking oor nog een willekeurig-te-kiesse koëffisiënt verkry word. Met  $f(t)$  in die vorm  $(1 + gt)^m$ , kan ons vir  $q(s)$  'n analoge uitdrukking  $(1 + hs)^n$  neem, soos ons in § 5 sal doen, of wel 'n tweeterm, soos ondersoek sal word in § 7. In § 6 en § 8 sal ons vir  $q$  nie byvoorbeeld so 'n vorm aanneem nie; tog lei die gedagtegang wat ons in albei die gevalle volg tot so 'n vorm. In § 9 lei ons gedagtegang tot 'n iets meer saamgestelde uitdrukking vir  $q$  in die vorm van 'n konstant plus 'n wortelvorm.

§ 4. Oplossing van die tipe  $(1 + gt)^m / (1 + hs)^n$  wat by 'n bepaalde verloop van  $\varrho_0$  as funksie van  $s$  eksak voldoen aan die differensiaalvergeliking met beide rantvoorwaardes.

Ons gaan uit van vergelyking (3.3):

$$\frac{\partial^2 \Phi}{\partial t^2} + \frac{2}{k-1} \frac{\partial^2}{\partial s^2} (S'^2 \Phi^{-k}) + \frac{2}{k-1} \frac{\partial}{\partial s} \left( \frac{\varrho_0}{\varrho_0} S'^2 \Phi^{-k} \right) = 0.$$

Vir  $s = 0$ ,  $t = 0$  is  $\Phi = 1$ . Stel daarom in (3.3):

$$\Phi = (1 + gt)^m / q(s) \quad (4.1)$$

waarby  $q(0) = 1$ . (Ons sal later  $q = (1 + hs)^n$  stel). Vergelyking (3.3) word dus

$$m(m-1)g^2(1+gt)^{m-2}q^{-1} = -\frac{2}{k-1}(1+gt)^{-mk} \left[ \frac{d^2}{ds^2} (S'^2 q^k) + \frac{d}{ds} \left( \frac{\varrho_0'}{\varrho_0} S'^2 q^k \right) \right]. \quad (4.2)$$

Ons staan hier nou voor twee moontlikhede. Ons kan naamlik,

$$\text{óf} \quad a). \quad m-2 = -mk \text{ d.i. } m = 2/(k+1) \quad (4.3a)$$

stel sodat ons die faktor  $(1 + gt)^{-\frac{2}{k+1}}$  dwarsdeur kan uitdeel; in die resultaat kom dan geen  $t$  meer voor nie,

$$\text{óf} \quad b). \quad m = 1 \quad (4.3b)$$

stel sodat die linkerlid van (4.2) nul word; ons kry dan na skrapping van die faktor  $(1 + gt)^{-mk}$  weer 'n resultaat wat geen  $t$  meer bevat nie. Ons sal eers geval a), behandel, daarna geval b).

a). Die geval  $m = 2/(k+1)$ :

Na uitdeling van die faktor  $(1 + gt)^{-\frac{2}{k+1}}$  kry ons die vergelyking

$$\left( \frac{k-1}{k+1} \right)^2 g^2 q^{-1} = \frac{d^2}{ds^2} (S'^2 q^k) + \frac{d}{ds} \left( \frac{\varrho_0'}{\varrho_0} S'^2 q^k \right). \quad (4.4)$$

Langs die baan van die verdigtingsgolf is  $\Phi = 1$ ; hierdie baan word dus nou gegee deur

$$q = (1 + gt)^m \quad (4.5)$$

waar  $m$  die waarde (4.3a) het.

Differensiëer na  $t$ :

$$\left( \frac{dq}{ds} \right)_{s=S} \cdot \frac{dS}{dt} = mg(1+gt)^{m-1} *$$

\*) Ons sal die simbool  $S$  deurgaans gebruik soos dit in (3.1) gedefiniëer is d.w.s. om die waarde van die veranderlike  $s$  in 'n punt van die baan van die verdigtingsgolf aan te gee.

dus

$$S' = \frac{2g}{k+1} \cdot \frac{1}{q'} q^{-\frac{k-1}{2}} \quad (**)$$
 (4.6)

en

$$S''/S' = -\frac{2g}{k+1} \left\{ \frac{k-1}{2} q^{-\frac{k+1}{2}} + \frac{q''}{q'^2} q^{-\frac{k-1}{2}} \right\}$$
 (4.7)

Ons vind ook

$$\left( \frac{\partial \Phi}{\partial t} \right)_{s=s} = \frac{2g}{k+1} q^{-\frac{k+1}{2}} \text{ (in } q \text{ alleen uitgedruk).}$$
 (4.8)

Dus word die rantvoorwaarde langs die baan van die verdigtingsgolf:

$$\frac{k+1}{2} q^{-\frac{k+1}{2}} = 3 \left\{ \frac{k-1}{2} q^{-\frac{k+1}{2}} + \frac{q''}{q'^2} q^{-\frac{k-1}{2}} \right\} - \frac{\varrho'_0}{\varrho_0} \frac{1}{q'} q^{-\frac{k-1}{2}}.$$

Deel dwarsdeur met  $\frac{1}{q'} q^{-\frac{k-1}{2}}$  en vereenvoudig; ons kry

$$\varrho'_0/\varrho_0 = 3 q''/q' + (k-2) q'/q,$$

waaruit deur integrasie volg

$$\varrho_0 = \text{konstant} \times (q'^3 q^{k-2}).$$
 (4.9)

Ons keer terug na vergelyking (4.4). Dié vergelyking word na substitusie van die waarde (4.6) vir  $S'$ :

$$\left( \frac{k-1}{2} \right)^2 q^{-1} = \frac{d^2}{ds^2} (q q'^{-2}) + \frac{d}{ds} \left( \frac{\varrho'_0}{\varrho_0} q q'^{-2} \right).$$
 (4.10)

Stel in (4.10)  $q = (1 + hs)^n$ ,  $h$  en  $n$  konstante, en gebruik (4.9); dit gee

$$\begin{aligned} \left( \frac{k-1}{2} \right)^2 (1 + hs)^{-n} &= \frac{1}{n^2} [(2-n)(1-n)(1 + hs)^{-n} + \\ &+ (1-n) \{ n(k+1) - 3 \} (1 + hs)^{-n}]. \end{aligned}$$

Deel die faktor  $(1 + hs)^{-n}$  dwarsdeur uit en vereenvoudig; dit gee

$$(k+1)^2 n^2 - 4(k+1)n + 4 = 0, \text{ dus } n = 2/(k+1).$$
 (4.11)

Dus

$$q = (1 + hs)^{\frac{2}{k+1}}$$

en

$$\Phi = (1 + gt)^{\frac{2}{k+1}} (1 + hs)^{-\frac{2}{k+1}}$$
 (4.12)

Uit (4.9) volg nou

$$\varrho_0 = \varrho_{00} (1 + hs)^{-1}, \varrho_{00} \text{ 'n konstant.}$$
 (4.13)

\*\*) In die vervolg sal 'n aksent by 'n  $q$  differensiasie na  $s$  aandui terwyl 'n aksent by 'n  $S$  differensiasie na  $t$  sal aandui.

Die rantvoorwaarde vir  $s = 0$ :

Deur differensiasie kry ons uit (4.1) met gebruikmaking van (4.11):

Die koëffisiënte van die reeks (18.8) vir  $\lambda = 0$  toon in hierdie geval, eweas in die geval van § 16, die grootste afwykings. Die veranderlike  $\tau$  kom ook hier uitsluitlik in die eerste graad in die reeks voor. Dié reeks stem ook tot en met die  $\tau\sigma^2$ -term presies ooreen met die reeks (16.23). Die koëffisiënt van die  $\sigma^3$ -term toon 'n groter afwyking van die koëffisiënt van die  $\sigma^3$ -term van die reeks (16.28) as die koëffisiënt van die  $\sigma^3$ -term van die reeks (16.23).

Ons voel dus geneigd om te konkludeer dat die reekse van § 16 beter benaderings vir  $\Phi$  gee as die ooreenkomstige reekse van § 18. So 'n gevolgtrekking is egter nie volkome geregverdig nie, aangesien die terme van die graad hoër as die derde nie ondersoek is nie.

Verder: aan die end van § 16 het ons o.a. opgemerk dat hoewel die koëffisiënte van die reeks (16.23) ( $\lambda = 0$ ) groter afwykings toon as die koëffisiënte van die reeks (16.27) ( $\lambda = \infty$ ), tog gee die uitdrukking vir  $\Phi$  met  $\lambda = 0$  in daardie geval 'n beter benadering as die uitdrukking met  $\lambda = \infty$  op grond van ons bevindings in die eersvolgende hoofstuk d.i. hoofstuk IV. Presies dieselfde opmerking geld t.o.v. die formules van § 17 vir  $\Phi$  vir  $\lambda = 0$  en  $\lambda = \infty$  hoewel die reeksentwikkelings vir hierdie gevalle vir sover dit deur ons ondersoek is, die bevinding weerspreek.

Ten slotte: Op grond van die konklusies getrek in § 15 i.v.m. die afwyking van die tweede rantvoorwaarde van die oplossings van paragrawe 7, 9 en 10, asmede op grond van die konklusies van paragrawe 16

en 18 i.v.m. die reeksontwikkelings vir  $\Phi$  en asmede op grond van die resultate van § 17 waar die fout in die uitdrukking van paragrawe 6, 8 en 16 vir  $\Phi$  bespreek is, kom ons tot die volgende algemene slotsom nl. dat die beste benaderings wat ons vir  $\Phi$  dusver gevind het vir en die aanvangstadias en die verdere verloop van die beweging gegee word deur die uitdrukking  $\Phi = u^3/v^3$  met

óf (a) die bybehorende waardes (10.8) en (10.19) (met  $\lambda = \sqrt{7/8}$  of  $\lambda = 1$  of  $\lambda = 1,75$ ) vir  $u$  en  $v$  respektiewelik

óf (b) die bybehorende waardes (17.5) en (17.12) (met  $\lambda = \sqrt{7/8}$  of  $\lambda = 1$  of  $\lambda = 1,75$ ) vir  $u$  en  $v$  respektiewelik.

Opgemerks val te word in dié verband dat hoe geringer die verskil is in die waardes wat ons vir  $\Phi$  kry uit  $\Phi = u^3/v^3$  met die bybehorende waardes (10.8) en (10.19) vir  $u$  en  $v$  respektiewelik enersyds, en andersyds met die bybehorende waardes (17.5) en (17.12), in albei gevalle vir dieselfde waarde van  $\lambda$ , hoe noukeuriger is die benadering. Want in die eerste geval word aan die eerste rantvoorwaarde en die differensiaalvergelyking voldoen, maar nie aan die tweede rantvoorwaarde nie en in die tweede geval word aan albei die rantvoorwaardes maar nie aan die vergelyking voldoen nie.

#### Opmerking:

In die slotopmerking van die vorige hoofstuk d.i. hoofstuk II, het ons gemeld dat met die uitkomst van § 6 en § 8 die parameter  $a$  die waarde  $\frac{3.6}{7} \rho_0/\bar{\rho}$  aanneem, terwyl as ons in § 7 en § 9 die waardes van  $\mu$  respektiewelik  $\mu^*$  só kies dat die oplossings van dié paragrawe in die oorsprong aan die tweede rantvoorwaarde voldoen, dan neem  $a$  presies dieselfde waarde aan.

Presies ooreenkomstige opmerkings geld t.o.v. § 17 en § 10 van hierdie hoofstuk. Met die uitkomst van § 17 neem  $a$  weer die waarde  $\frac{3.6}{7} \rho_0/\bar{\rho}$  aan. Kies ons in § 10 die waardes van die konstante  $C_1$  en  $C_2$  só dat die oplossing van dié paragraaf in die oorsprong aan die tweede rantvoorwaarde voldoen (soos ons gedoen het) dan neem  $a$  weereens die waarde  $\frac{3.6}{7} \rho_0/\bar{\rho}$  aan.

Alle benaderings en formules soos deur ons gevind in hoofstukke II en III het dus betrekking op een en dieselfde fisiese toestand, d.w.s. op een en dieselfde verhouding van die digtheid van die gas in die buis tot die digtheid van die suier per eenheid van frontoppervlakte.

In die volgende hoofstuk sal ons die snelheid van die suier nader ondersoek. Langs hierdie weg kan ons eweëns 'n indruk kry van die graad van noukeurigheid wat ons bereik het met die gevindte uitdrukkinge en formules vir  $\Phi$ .

## HOOFSTUK IV.

### Die snelheid van die suier.

In hoofstukke II en III het ons altesaam ses uitdrukkings vir die snelheid van die suier gevind nl. (6.7), (7.14), (8.17) en (9.13) in hoofstuk II en (10.25) en (17.18) in hoofstuk III. Opgemerkt mag word dat die uitdrukkings van hoofstuk II spesiale gevalle is van dié van hoofstuk III. Soos opgemerk na (10.10a) en (10.10b) in § 10 val ons op die resultate en formules van § 7 en § 9 terug as ons in § 10 die parameter  $\lambda$  tot  $\infty$  en tot nul respektiewelik laat nader, sodat die formules (7.14) en (9.13) uit (10.25) verkry word deur  $\lambda$  onbegrensd te laat toeneem en tot nul te laat nader, respektiewelik.

'n Ooreenkomstige opmerking het ons gemaak na (17.12) in § 17 i.v.m. die resultate van § 6 en § 8 enersyds en § 17 andersyds. Die formules (6.7) en (8.17) word dan ook uit die formule (17.18) verkry deur  $\lambda$  respektiewelik tot oneindig en tot nul te laat nader.

Die essensiële verskil in die resultate lê daarin, soos opgemerk in die slot van die vorige hoofstuk, dat die uitdrukkings van § 6, § 8 en § 17 vir  $\Phi$  aan albei die rantvoorwaardes voldoen, maar nie aan die differensiaalvergelyking self nie. Daarenteen voldoen die uitdrukkings van § 7, § 9, § 10 vir  $\Phi$  aan die differensiaalvergelyking self en die eerste rantvoorwaarde, maar nie aan die tweede rantvoorwaarde nie.

Deur nou die resultate van die twee gevalle te vergelyk, in dié geval aan die hand van die snelheid van die suier, kan ons 'n indruk kry van die graad van benadering wat ons met ons resultate bereik het.

Ons sal die formule vir die snelheid van die suier soos verkry in (10.25) aandui met  $\bar{V}_\lambda$ , terwyl ons die twee spesiale gevalle hiervan nl. die gevalle  $\lambda = \infty$  en  $\lambda = 0$  soos verkry in (7.14) en (9.13) respektiewelik, sal aandui met  $\bar{V}_\infty$  en  $\bar{V}_{00}$ . (Laasgenoemde moet onderskei word van  $\bar{V}_0$  wat die beginsnelheid van die suier aandui.) Die formule (17.18) sal ons aandui met  $\bar{V}_\lambda^*$  en die twee spesiale gevalle hiervan met  $\bar{V}_\infty^*$  en  $\bar{V}_{00}^*$  vir  $\lambda = \infty$  en  $\lambda = 0$  soos verkry in (6.7) en (8.17), respektiewelik.

#### § 19. Die eindsnelheid van die suier as $t$ onbegrensd toeneem.

Ons sal nou eers die eindwaarde van die snelheid van die suier ondersoek as  $t \rightarrow \infty$  vir verskillende waardes van  $\lambda$ .

A). Uit (7.14) kry ons vir  $\lambda = \infty$ :

$$\bar{V}_\infty = \frac{3g}{4a(1+\mu)} \left\{ \frac{3x_1-1}{x_1} (1+gt)^{\frac{1}{2}(3x_1-1)} + \frac{\mu(3x_2-1)}{x_2} (1+gt)^{\frac{1}{2}(3x_2-1)} + \left( \frac{1}{x_1} + \frac{\mu}{x_2} \right) (1+gt)^{-\frac{1}{2}} \right\} \quad (19.1)$$

waarby

$$x_1 = -\frac{1}{4} + \frac{\sqrt{17}}{12} = 0,09359; \quad x_2 = -\frac{1}{4} - \frac{\sqrt{17}}{12} = -0,59359,$$

en

$$g = \frac{4}{9} a \bar{V}_0, \text{ uit (7.15).}$$

Ons sal aan  $\mu$  die waarde (7.20), d.i.  $\mu = 0,42440$ , gee, sodat die oplossing (7.1) — (7.7) in die oorsprong aan die tweede rantvoorwaarde voldoen en die afwyking van hierdie rantvoorwaarde verder volgens tabel I, figuur 5, verloop. Hiermee word

$$\bar{V}_\infty = \bar{V}_0 [-1,7983 (1 + gt)^{-0,17981} + 0,4653 (1 + gt)^{-0,69519} + 2,3330 (1 + gt)^{-0,25}]. \quad (19.2)$$

As  $t$  onbepaald toeneem oorweeg die eerste term op die duur, sodat  $\bar{V}_\infty$  naderhand van teken verander.

$$\text{As } t \rightarrow \infty \text{ dan } \bar{V}_\infty \rightarrow 0. \quad (19.2a)$$

Uit (6.7) en (6.7a) (eweëns vir  $\lambda = \infty$ ) kry ons

$$\bar{V}_\infty^* = \bar{V}_0 [4(1 + gt)^{-\frac{1}{3}} - 3(1 + gt)^{-\frac{1}{3}}] \text{ waar } g = \frac{4}{9} a \bar{V}_0. \quad (19.3)$$

Laat ons  $t$  in (19.3) onbepaald toeneem, dan oorweeg die tweede term op die duur, sodat ook  $\bar{V}_\infty^*$  naderhand van teken verander.

$$\text{As } t \rightarrow \infty \text{ dan } \bar{V}_\infty^* \rightarrow 0. \quad (19.3a)$$

Dus: vir  $\lambda = \infty$  keer die snelheid in albei gevalle van teken om en nader uiteindelik tot nul as  $t \rightarrow \infty$ .

**B).** Uit (9.13) kry ons vir  $\lambda = 0$ :

$$\bar{V}_{00} = \frac{g_1}{a(1 + \mu^*)} \{4,5(1 + g_1 t)^{-\frac{2}{3}} + 4,2\mu^*(1 + g_1 t)^{-\frac{2}{3}} - (1,5 + 1,2\mu^*)\} \quad (19.4)$$

waar  $g_1 = \frac{1}{3} a \bar{V}_0$ . Hierin sal ons aan  $\mu^*$  die waarde (9.18) gee d.i.  $\mu^* = -4/7$ , sodat die oplossing van § 9 in die oorsprong aan die tweede rantvoorwaarde voldoen en die afwyking origins volgens tabel III, figuur 6, verloop. Dit gee

$$\bar{V}_{00} = \bar{V}_0 \{3,5(1 + g_1 t)^{-\frac{2}{3}} - 1,8667(1 + g_1 t)^{-\frac{2}{3}} - 0,6333\}. \quad (19.5)$$

As  $t$  hierin onbepaald toeneem sal die eerste twee terms afneem sodat die laaste (konstante) term op die duur sal oorweeg. Ook in dié geval sal die snelheid dus naderhand van teken verander.

$$\text{As } t \rightarrow \infty, \text{ dan } \bar{V}_{00} \rightarrow -0,6333 \bar{V}_0. \quad (19.5a)$$

Uit (8.17) (eweëns vir  $\lambda = 0$ ) kry ons

$$\bar{V}_{00}^* = \bar{V}_0 \{1,75(1 + g_1 t)^{-\frac{1}{3}} - 0,75\} \text{ waar } g_1 = \frac{1}{3} a \bar{V}_0. \quad (19.6)$$

Laat ons in (19.6)  $t$  toeneem dan keer die teken van  $\bar{V}_{00}^*$  op die duur om.

$$\text{As } t \rightarrow \infty \text{ dan } \bar{V}_{00}^* \rightarrow -0,75 \bar{V}_0. \quad (19.6a)$$

Dus: vir albei die gevalle  $\lambda = 0$  keer die snelheid van teken om. In die een geval is die eindsnelheid  $-0,6333 \bar{V}_0$  en in die ander geval  $-0,75 \bar{V}_0$ .

Hier dien opgemerk te word dat in (19.4) die eindsnelheid eintlik 'n funksie is van  $\mu^*$ . Nader  $t$  tot oneindig dan nader die snelheid tot die waarde (9.15) nl.  $-\frac{1}{10} \left( \frac{5+4\mu^*}{1+\mu^*} \right) \bar{V}_0$ . Ons het in (19.5)  $\mu^*$  so gekies dat in die oorsprong aan die tweede rantvoorwaarde voldoen word deur die oplossing van § 9. Ons kon vir  $\mu^*$  ook enige ander waarde gekies het. (Kies ons vir  $\mu^*$  die waarde  $-1$  dan is die eindsnelheid oneindig groot; die hele formule (19.4) verloor dan egter sy betekenis.) Vir  $-\frac{5}{4} < \mu^* < -1$  is die eindsnelheid positief, vir alle ander waardes negatief, behalwe vir  $\mu^* = -\frac{5}{4}$  waarvoor dit nul is. Aangewese is egter om  $\mu^*$  so te kies as wat ons gedoen het.

C). Ons sal vervolgens die uitdrukking (10.25) ondersoek:

$$\begin{aligned} \bar{V}_\lambda &= \frac{du}{dt} \left[ 3 C_1 \left\{ \frac{F_1(1+\lambda^2/u^2)}{(1+\lambda^2/u^2)^a} - \frac{u^2}{2\lambda^2} \int_{\lambda^2/u^2}^{\lambda^2} dw \frac{F_1(w+1)}{(w+1)^a} \right\} + \text{ens.} \right] = \\ &= \frac{a \bar{V}_0}{3 \sqrt{1+\lambda^2}} \frac{\sqrt{u^2+\lambda^2}}{3u^3} \left[ 3 C_1 \left\{ \frac{F_1(1+\lambda^2/u^2)}{(1+\lambda^2/u^2)^a} - \frac{u^2}{2\lambda^2} \int_{\lambda^2/u^2}^{\lambda^2} dw \frac{F_1(w+1)}{(w+1)^a} \right\} + \text{ens.} \right] \quad (19.7) \end{aligned}$$

met behulp van (10.7) en (10.26a); hierby is  $\alpha = 1,140388$  en  $\beta = 0,109612$ .

Die verband tussen  $u$  en  $t$  word gegee deur (10.8), nl.

$$a \bar{V}_0 t = 3 \sqrt{1+\lambda^2} \left\{ (u^2+\lambda^2)^{\frac{3}{2}} - 3\lambda^2(u^2+\lambda^2)^{\frac{1}{2}} - (1+\lambda^2)^{\frac{3}{2}} + 3\lambda^2(1+\lambda^2)^{\frac{1}{2}} \right\} \quad (19.8)$$

gebruikmakende van (10.26a). Dus  $t \rightarrow \infty$  as  $u \rightarrow \infty$  en omgekeerd.

As nou  $t \rightarrow \infty$  en dus ook  $u \rightarrow \infty$ , dan

$$\frac{F_1(1+\lambda^2/u^2)}{(1+\lambda^2/u^2)^a} \rightarrow F_1(1) \quad \text{en} \quad \frac{F_2(1+\lambda^2/u^2)}{(1+\lambda^2/u^2)^\beta} \rightarrow F_2(1). \quad (19.9)$$

Dus as  $u \rightarrow \infty$  ( $t \rightarrow \infty$ ) dan

$$\bar{V}_\lambda / \bar{V}_0 \rightarrow - \frac{a}{6\lambda^2 \sqrt{1+\lambda^2}} \int_0^{\lambda^2} dw \left\{ C_1 \frac{F_1(w+1)}{(w+1)^\alpha} + C_2 \frac{F_2(w+1)}{(w+1)^\beta} \right\}. \quad (19.10)$$

Nou:

$$\begin{aligned} \int_0^{\lambda^2} dw \frac{F_1(w+1)}{(w+1)^\alpha} &= \int_0^{\lambda^2} dw \left\{ \frac{1}{(w+1)^\alpha} + \frac{\alpha(\alpha-\gamma+1)}{1(\alpha-\beta+1)} \frac{1}{(w+1)^{\alpha+1}} + \right. \\ &\quad \left. + \frac{\alpha(\alpha+1)(\alpha-\gamma+1)(\alpha-\gamma+2)}{1 \cdot 2 \cdot (\alpha-\beta+1)(\alpha-\beta+2)} \frac{1}{(w+1)^{\alpha+2}} + \dots \right\} = \\ &= - \left[ \frac{\bar{F}_1(w+1)}{(\alpha-1)(w+1)^{\alpha-1}} \right]_0^{\lambda^2} = - \left[ \frac{\bar{F}_1(w+1)}{0,14039(w+1)^{0,14039}} \right]_0^{\lambda^2} \quad (19.11) \end{aligned}$$

waarby

$$\begin{aligned} \bar{F}_1(w+1) &= F\{\alpha-1; \alpha-\gamma+1; \alpha-\beta+1; 1/(w+1)\} = \\ &= F\{0,14039; 0,64039; 2,030776; 1/(w+1)\}. \quad (19.12) \end{aligned}$$



Ooreenkomstig volg dat

$$\int_0^{\lambda^2} dw \frac{F_2(w+1)}{(w+1)^\beta} = - \left[ \frac{\bar{F}_2(w+1)}{(\beta-1)(w+1)^{\beta-1}} \right]_0^{\lambda^2} =$$

$$= \left[ \frac{(w+1)^{0,89039} \bar{F}_2(w+1)}{0,89039} \right]_0^{\lambda^2} \quad (19.13)$$

waarby

$$\bar{F}_2(w+1) = F\{\beta-1; \beta-\gamma+1; \beta-a+1; 1/(w+1)\} =$$

$$= F\{-0,89039; -0,39039; -0,030776; 1/(w+1)\}. \quad (19.14)$$

Dus volg dat

$$(\bar{V}_\lambda/\bar{V}_0)_{t=\infty} = - \frac{a}{6\lambda^2 \sqrt{1+\lambda^2}} \left[ - \frac{C_1}{0,14039} \{(1+\lambda^2)^{-0,14039} \bar{F}_1(1+\lambda^2) - \bar{F}_1(1)\} + \right.$$

$$\left. + \frac{C_2}{0,89039} \{(1+\lambda^2)^{0,89039} \bar{F}_2(1+\lambda^2) - \bar{F}_2(1)\} \right] \quad (19.15)$$

Die waarde van die uitdrukking aan die regterkant moet nou bepaal word vir verskillende waardes van  $\lambda$ . Hierby sal ons die waardes van die konstante  $C_1$  en  $C_2$  so bepaal dat volgens die resultate van § 11 in die oorsprong aan die tweede rantvoorwaarde voldoen word. D.i.  $C_1$  en  $C_2$  word bepaal uit vergelykings (11.14) en (11.15) nl.

$$(1+\lambda^2)^{-\alpha} F_1(1+\lambda^2) \cdot a C_1 + (1+\lambda^2)^{-\beta} F_2(1+\lambda^2) \cdot a C_2 = 3 \quad (19.16)$$

en

$$2a(1+\lambda^2)^{-\alpha} \bar{F}_1(1+\lambda^2) \cdot a C_1 + 2\beta(1+\lambda^2)^{-\beta} \bar{F}_2(1+\lambda^2) \cdot a C_2 = 5 + 2/\lambda^2. \quad (19.17)$$

Ons sal die waarde van die uitdrukking in die regterlid van (19.15) bereken vir  $\lambda = \sqrt{7/8}$ ; 1; 2; 3; 5 en  $\sqrt{99}$ . Vir hierdie doel het ons die waardes van die reekse  $\bar{F}_1(1+\lambda^2)$  en  $\bar{F}_2(1+\lambda^2)$  nodig vir genoemde waardes van  $\lambda$ , asmede die waardes van  $\bar{F}_1(1+\lambda^2)$ ,  $\bar{F}_2(1+\lambda^2)$ ,  $F_1(1+\lambda^2)$  en  $F_2(1+\lambda^2)$  vir dieselfde waardes van  $\lambda$ . Die waardes van laasgenoemde reekse het ons nodig vir die bepaling van die waardes van die konstante  $C_1$  en  $C_2$ .

Die koëffisiënte van opeenvolgende magte van die veranderlike in die ontwikkeling van laasgenoemde 4 reekse word gegee in tabel IV in hoofstuk III.

Die koëffisiënte van opeenvolgende magte van die veranderlike, sê  $x$ , in die ontwikkeling van  $\bar{F}_1$  en  $\bar{F}_2$  word in tabel XIII gegee.

TABEL XIII:

Magte van $x$	$x$	$x^2$	$x^3$	$x^4$	$x^5$	$x^6$	$x^7$	$x^8$	$x^9$
$\bar{F}_1$	0,04427	0,01366	0,00638	0,00362	0,00231	0,00159	0,00070		
$\bar{F}_2$	-11,29426	-0,38932	-0,11770	-0,05456	-0,03086	-0,01961	-0,0135	-0,0098	-0,0074

Die waardes van  $\bar{F}_1(1 + \lambda^2)$  en  $\bar{F}_2(1 + \lambda^2)$ , tesame met die waardes van die reekse  $F_1(1 + \lambda^2)$ ,  $F_2(1 + \lambda^2)$ ,  $\bar{F}_1(1 + \lambda^2)$ ,  $\bar{F}_2(1 + \lambda^2)$  vir die waardes van  $\lambda$  wat ons nodig het, word in tabel XIV gegee. Die waardes van  $C_1$  en  $C_2$  soos bepaal uit (19.16) en (19.17) word eweëns in die tabel gegee.

TABEL XIV:

$\lambda$ $1/(1+\lambda^2)$	$\sqrt{7/8}$ 0,5333	1 0,5	2 0,2	3 0,1	5 0,03846	$\sqrt{99}$ 0,01
$\bar{F}_1$	1,02891	1,02668	1,00945	1,00457	1,00172	1,00044
$\bar{F}_2$	-5,15951	-4,76401	-1,27546	-0,13344	0,56501	0,88702
$F_1$	1,68110	1,6031	1,16304	1,07382	1,02684	1,00681
$F_2$	13,52285	12,2034	4,26595	2,24284	1,55562	1,14170
$F_1$	1,28793	1,2608	1,08159	1,03819	1,01414	1,00342
$F_2$	1,94809	1,8706	1,30006	1,14419	1,05422	1,01395
$aC_1$	2,97197	3,2233	11,173	27,133	83,831	398,77
$aC_2$	0,62178	0,6670	0,98362	1,15063	1,2616	1,477

Voorts kry ons, gebruikmakende van formule (11.4):

$$\bar{F}_1(1) = 1,0794 \text{ en } \bar{F}_2(1) = -10,983. \quad (19.18)$$

Substitusie van die betrokke waardes van die reekse en die veranderlikes in (19.15) en uitvoering van die nodige berekenings lewer die reeks van waardes gegee in tabel XV vir die eindsnelheid van die suier. Die eindwaardes vir die gevalle  $\lambda = \infty$  en  $\lambda = 0$  word deur (19.2) en (19.5) respektiewelik, gegee.

TABEL XV:

 $t = \infty$ 

$\lambda$	0	$\sqrt{7/8}$	1	2	3	5	$\sqrt{99}$	$\infty$
$(\bar{V}_\lambda/V_0)_{t=\infty}$	-0,63333	-0,5945	-0,5899	-0,522	-0,474	-0,349	-0,270	0

Vervolgens ondersoek ons formule (17.18):

$$\bar{V}_\lambda^*/\bar{V}_0 = \frac{1}{u^{4/3}} - \frac{\sqrt{u^2 + \lambda^2}}{u} \int_1^u \frac{dv}{v^{4/3} \sqrt{v^2 + \lambda^2}} \quad (19.19)$$

waarby die verband tussen  $u$  en  $t$  ook deur (19.8) gegee word.

Dus, as  $u \rightarrow \infty$  ( $t \rightarrow \infty$ ) dan

$$\bar{V}_\lambda^*/\bar{V}_0 \rightarrow - \int_1^\infty \frac{dv}{v^{4/3} \sqrt{v^2 + \lambda^2}} = -\lambda^{-1/3} \int_{1/\lambda}^\infty \frac{dv_1}{v_1^{4/3} \sqrt{v_1^2 + 1}}. \quad (19.20)$$

Die laaste stap volg deur  $v$  deur  $\lambda v_1$  te vervang en die integrasiegrense dienooreenkomstig te wysig.

Ons wil nou die uitdrukking (19.20) ondersoek vir dieselfde waardes van  $\lambda$  as wat ons in die vorige geval gedoen het.

Vir die bepaling van die integraal sal ons die integrand ontbind in 'n reeks van magte van  $v_1^2$  of  $1/v_1^2$  na gelang  $v_1 < 1$  of  $v_1 > 1$ . In die omgewing van 1 konvergeer die reekse besonder traag, sodat ons die integrasie-interval in drie dele sal splits nl. 0 tot 0,8; 0,8 tot 2 en dan 2 tot  $\infty$ . In die interval 0,8 tot 2 sal ons die waarde van die integraal bepaal deur toepassing van die reël van SIMPSON.

Ons kry nou:

$$\int_{1/\lambda}^{0,8} dv_1 \left\{ v_1^{-\frac{4}{3}} (v_1^2 + 1)^{-\frac{1}{2}} \right\} = \left[ -3v_1^{-\frac{1}{3}} - 0,3v_1^{\frac{5}{3}} + 0,10217v_1^{\frac{11}{3}} - 0,055147v_1^{\frac{17}{3}} + \right. \\ \left. + 0,035666v_1^{\frac{23}{3}} - 0,025458v_1^{\frac{29}{3}} + 0,01934v_1^{\frac{35}{3}} - \right. \\ \left. - 0,01533v_1^{\frac{41}{3}} + 0,0125v_1^{\frac{47}{3}} - 0,0105v_1^{\frac{53}{3}} + \dots \right]_{1/\lambda}^{0,8} \quad (19.21)$$

as  $v_1 < 1$ ,  $\lambda > 1,25$ ; en

$$\int_2^u dv_1 \left[ v_1^{-\frac{4}{3}} (v_1^2 + 1)^{-\frac{1}{2}} \right] = \left[ -0,75v_1^{-\frac{4}{3}} + 0,15v_1^{-\frac{10}{3}} - 0,07031v_1^{-\frac{16}{3}} + \right. \\ \left. + 0,04261v_1^{-\frac{22}{3}} - 0,02929v_1^{-\frac{28}{3}} + 0,0217v_1^{-\frac{34}{3}} - \dots \right]_2^u \quad (19.22)$$

as  $v_1 > 1$ .

Vir die bepaling van die waarde van die integraal in die interval 0,8 tot 2 maak ons gebruik van die tabel XVI van waardes van die integrand. „Id” staan vir „integrand”.

TABEL XVI:

$v_1$	0,80	0,81	0,82	0,83	0,84	0,85	0,86
$Id$	1,05146	1,02915	1,00750	0,98649	0,96610	0,94630	0,92707
$v_1$	0,87	0,88	0,89	0,90	0,95	1,0	1,1
$Id$	0,90838	0,89022	0,87257	0,85540	0,77632	0,70711	0,592398
$v_1$	1,2	1,3	1,4	1,5	1,6	1,7	1,8
$Id$	0,502031	0,429734	0,371122	0,32305	0,283214	0,24986	0,221796
$v_1$	1,9	2,0	1,03453	$\sqrt{8/7} = 1,06905$			
$Id$	0,197915	0,177477	0,66425	0,62494			

Stel nou gerieflikheidshalwe

$$I_{u_1}^u = \int_{u_1}^u dv_1 \left\{ v_1^{-\frac{4}{3}} (v_1^2 + 1)^{-\frac{1}{2}} \right\}. \quad (19.23)$$

Uit (19.22) kry ons dan na uitvoering van enige berekenings

$$I_2^\infty = 0,2834. \quad (19.24)$$

Met  $u_1 = 1/\lambda$  kry ons dan m.b.v. óf (19.21) óf tabel XVI óf m.b.v. albei, tabel XVII van waardes vir  $I_{1/\lambda}^2$ . M.b.v. (19.24) volg dan die waardes van  $I_{1/\lambda}^\infty$  wat ook in die tabel gegee word.

TABEL XVII:

$\lambda$	$\sqrt{7/8}$	1	2	3	5	$\sqrt{99}$
$I_{1/\lambda}^2$	0,3160	0,3604	0,9987	1,5018	2,269	4,4048
$I_{1/\lambda}^\infty$	0,6003	0,6447	1,2830	1,7861	2,553	4,6891

Tabel XVII tesame met (19.24) stel ons in staat om tabel XVIII van die eindwaardes van  $\bar{V}_\lambda^*$  saam te stel. Die eindwaarde vir  $\lambda = 0$  volg regstreeks uit die eerste een van die twee uitdrukkings (19.20) of ook (19.6). Volledigheidshalwe voeg ons ook die eindwaardes van  $\bar{V}_\lambda$  by. Dit stel ons in staat om die eindwaardes te vergelyk.

TABEL XVIII:

$\lambda$	0	$\sqrt{7/8}$	1	2	3	5	$\sqrt{99}$	$\infty$
$\bar{V}_\lambda^*/\bar{V}_0$	-0,75	-0,6562	-0,6447	-0,509	-0,413	-0,300	-0,1809	0
$\bar{V}_\lambda/\bar{V}_0$	-0,6333	-0,5945	-0,5899	-0,523	-0,474	-0,387	-0,270	0

Diagram van die eindwaarde van die snelheid as funksie van  $\lambda$ :




Fig. 11.

Die twee krommes stel die eindwaarde van die snelheid van die suier as funksie van  $\lambda$  voor vir die twee gevalle waarin die uitdrukking vir  $\Phi$  waarvan die formules vir die snelheid afgelei is (I) aan albei die rantvoorwaardes voldoen maar nie aan die vergelyking nie (voorgestel deur  $\bar{V}_\lambda/\bar{V}_0$ ) en (II) aan die eerste rantvoorwaarde en die vergelyking voldoen maar nie aan die tweede rantvoorwaarde nie (voorgestel deur  $\bar{V}_\lambda/\bar{V}_0$ ). Vir  $\lambda = 0$  is die eindwaardes  $-0,75 \bar{V}_0$  en  $-0,6333 \bar{V}_0$  respektiewelik vir die twee gevalle. As  $\lambda$  toeneem, neem die eindsnelheid in albei gevalle af en nader tot nul as  $\lambda \rightarrow \infty$ . Die twee krommes sny mekaar waar  $\lambda$  ongeveer gelyk is aan 1,75. Vir hierdie waarde van die  $\lambda$  is die eindwaardes gelyk en ongeveer gelyk aan  $-0,537 \bar{V}_0$ . Vir  $\lambda = 1$  is die eindwaardes  $-0,6447 \bar{V}_0$  en  $-0,5899 \bar{V}_0$ . Ons sal in die volgende paragraaf die verloop van die snelheid vir die gevalle  $\lambda = 0$ ,  $\lambda = 1$  en  $\lambda = \infty$  nader ondersoek as  $t$  toeneem van 0 tot  $\infty$ . Ons wil alleen nog opmerk dat die eindwaarde 0 strydig is met die meganiese oorwegings.

§ 20. In dié paragraaf sal ons die verloop van die snelheid van die suier aan de hand van die verkreeë formules ondersoek vir die gevalle  $\lambda = 0$ ,  $\lambda = 1$ , en  $\lambda = \infty$ . Die geval  $\lambda = 1$  word eerste ondersoek aan die hand van formules (19.7) en (19.19).

Uit (19.7) kry ons met  $\lambda = 1$ :

$$\begin{aligned} \bar{V}_1/\bar{V}_0 = & \frac{1}{3\sqrt{2}} \frac{\sqrt{u^2+1}}{u^3} \left[ 3,2233 \left\{ \frac{F_1(1+1/u^2)}{(1+1/u^2)^\alpha} - \right. \right. \\ & \left. \left. - u^2 \left( \frac{\bar{F}_1(1+1/u^2)}{2(\alpha-1)(1+1/u^2)^{\alpha-1}} - \frac{\bar{F}_1(2)}{2(\alpha-1)2^{\alpha-1}} \right) \right\} + \right. \\ & \left. + 0,6670 \left\{ \frac{F_2(1+1/u^2)}{(1+1/u^2)^\beta} - u^2 \left( \frac{2^{1-\beta} \bar{F}_2(2)}{2(1-\beta)} - \frac{(1+1/u^2)^{1-\beta} \bar{F}_2(1+1/u^2)}{2(1-\beta)} \right) \right\} \right] \quad (20.1) \end{aligned}$$

met behulp van (19.11) en (19.13); die waardes van  $C_1$  en  $C_2$  is geneem uit tabel XIV vir  $\lambda = 1$ . Hierby is verder  $\alpha-1 = 0,14039$ ,  $1-\beta = 0,89039$  terwyl  $\bar{F}_1(w+1)$  en  $\bar{F}_2(w+1)$  die waardes (19.12) en (19.14) respektiewelik, het.

Ter berekening van die waarde van die uitdrukking (20.1) vir verskillende waardes van  $u$  moet ons dus die waardes van die reekse  $F_1(1+1/u^2)$ ,  $F_2(1+1/u^2)$ ,  $\bar{F}_1(1+1/u^2)$  en  $\bar{F}_2(1+1/u^2)$  vir dié waardes van  $u$  ken. Die kleinste van hierdie waardes is  $u = 1$  ( $t = 0$ ) en die grootste is  $u = \infty$  ( $t = \infty$ ).

As  $u \rightarrow \infty$  dan  $(1+1/u^2) \rightarrow 1$ ; ons sal dus wat die eerste twee funksies betref, vir die bepaling van hulle somme gebruik maak van formules (12.3) waarby

$$x = 1/(1+w) = u^2/(u^2+1). \quad (20.2)$$

Vir die bepaling van die waardes van die reekse  $\bar{F}_1$  en  $\bar{F}_2$  sal ons die transformasieformule (12.2) moet toepas. Dit gee

$$\left. \begin{aligned} \bar{F}_1 &= 1,0794 \bar{F}_{1a} + 0,42459 (1-x)^{1,25} \bar{F}_{1b} \\ \bar{F}_2 &= -10,983 \bar{F}_{2a} - 3,5565 (1-x)^{1,25} \bar{F}_{2b} \end{aligned} \right\} \quad (20.3)$$

waarby  $x$  weer die waarde (20.2) het. Met  $\bar{x} = 1 - x$  is verder

$$\left. \begin{aligned} \bar{F}_{1a} &= F(0,140388; 0,640388; -0,25; \bar{x}) \\ \bar{F}_{1b} &= F(1,890388; 1,390388; 2,25; \bar{x}) \\ \bar{F}_{2a} &= F(-0,890388; -0,390388; -0,25; \bar{x}) \\ \bar{F}_{2b} &= F(0,859612; 0,359612; 2,25; \bar{x}) \end{aligned} \right\} \quad (20.4)$$

Die koeffisiënte van opeenvolgende magte van  $\bar{x}$  in die ontwikkeling van hierdie reekse word vir sover ons dit nodig het in tabel XIX gegee.

TABEL XIX:

Magte van $\bar{x}$	Koeffisiënte			
	$\bar{F}_{1a}$	$\bar{F}_{1b}$	$\bar{F}_{2a}$	$\bar{F}_{2b}$
$\bar{x}$	-0,359611	1,168166	-1,390387	0,13739
$\bar{x}^2$	-0,44848	1,241697	-0,061938	0,05344
$\bar{x}^3$	-0,48279	1,28454	-0,021071	0,02828
$\bar{x}^4$	-0,50175	1,31333	-0,01055	0,01746
$\bar{x}^5$	-0,51414	1,33441	-0,00631	
$\bar{x}^6$	-0,52305	1,35074	-0,00419	
$\bar{x}^7$	-0,52987	1,36391		
$\bar{x}^8$	-0,5353	1,37485		
$\bar{x}^9$	-0,539	1,3842		
$\bar{x}^{10}$	-0,543			
$\bar{x}^{11}$	-0,547			
$\bar{x}^{12}$	-0,551			

Die somme van die reekse vir dié waardes van  $u$  wat ons nodig het, word in tabel XX gegee. Die waardes van  $F_1$  en  $F_2$  is oorgeneem uit tabel VIII; enkele waardes wat hier gegee word kom nie in tabel VIII voor nie; hulle moes dus vir die tabel selfstandig bepaal word. Die waardes van  $\bar{F}_1$  en  $\bar{F}_2$  vir  $u = 1,2$  en  $u = 1,4$  is verkry deur regstreekse sommering, nie deur toepassing van die formules (20.3) nie. Die waardes van  $\bar{F}_1$  en  $\bar{F}_2$  vir  $u = 1$  is bepaal én deur regstreekse sommering én m.b.v. formules (20.3); dit gee dieselfde waardes.

TABEL XX:

$u$	1	1,2	1,4	1,6	1,8	1,9
$x = 1/(1+w)$	0,5			0,71901	0,76415	0,78308
$\bar{x}$	0,5			0,28099	0,23585	0,216920
$\bar{F}_{1a}$	0,58376			0,84853	0,88187	0,89454
$\bar{F}_{1b}$	2,22145			1,46301	1,36675	1,32867
$\bar{F}_{2a}$	0,28575			0,60400	0,66832	0,69525
$\bar{F}_{2b}$	1,08726			1,04357	1,03580	1,03265
$\bar{F}_1$	1,02688	1,03289	1,03831	1,0429	1,0473	1,0491
$\bar{F}_2$	-4,76401	-5,83624	-6,70086	-7,3927	-7,9455	-8,1796
$F_1$	1,2608	1,3390	1,4159	1,4898	1,5600	1,5935
$F_2$	1,8706	2,0896	2,2902	2,4774	2,6023	2,7122

$u$	2	3	4	6	8	10	20
$x = 1/(1+w)$	0,8	0,9	0,94118	0,97297	0,98462	0,99010	0,99751
$\bar{x}$	0,2	0,1	0,05882	0,02703	0,01538	0,0099	0,00160
$\bar{F}_{1a}$	0,90532	0,95902	0,9771	0,98994	0,99436	0,9964	0,9951
$\bar{F}_{1b}$	1,29620	1,13065	1,0734	1,03252	1,01820	1,0117	1,0029
$\bar{F}_{2a}$	0,71925	0,86032	0,9180	0,96237	0,97860	0,9863	0,9965
$\bar{F}_{2b}$	1,02988	1,01430	1,0083	1,00375	1,00212	1,0014	1,0003
$\bar{F}_1$	1,0508	1,0622	1,0678	1,0733	1,0757	1,0768	1,0786
$\bar{F}_2$	-8,3894	-9,6520	-10,187	-10,609	-10,768	-10,844	-10,947
$F_1$	1,6251	1,8621	2,1013	2,3733	2,5459	2,6773	3,0075
$F_2$	2,7818	3,3361	3,6938	4,1360	4,3981	4,5898	5,0515

$u$	30	50	100	500	$\infty$
$x = 1/(1+w)$	0,99889	0,99960	0,99990	1	1
$\bar{x}$	0,00111	0,00040	0,00010	0	0
$\bar{F}_{1a}$	0,9996	0,9999	1	1	1
$\bar{F}_{1b}$	1,0013	1,0005	1,0001	1	1
$\bar{F}_{2a}$	0,9985	0,9994	0,9999	1	1
$\bar{F}_{2b}$	1,0002	1,0001	1,0000	1	1
$\bar{F}_1$	1,0791	1,0793	1,0794	1,0794	1,0794
$\bar{F}_2$	-10,966	-10,978	-10,983	-10,983	-10,983
$F_1$	3,1576	3,3109	3,4661	3,5435	3,8442
$F_2$	5,2559	5,4618	5,6685	5,7707	6,1678

Die waardes van  $\bar{F}_1(1)$  en  $\bar{F}_2(1)$  word in (19.18) gegee.

Stel nou in (20.1):

$$\left. \begin{aligned} K_1 &= F_1(1 + 1/u^2)/(1 + 1/u^2)^\alpha; & K_2 &= F_2(1 + 1/u^2)/(1 + 1/u^2)^\beta; \\ K_3 &= \bar{F}_1(1 + 1/u^2)/2(\alpha-1)(1 + 1/u^2)^{\alpha-1} = \frac{(1 + 1/u^2)}{2(\alpha-1)} \cdot \frac{\bar{F}(1 + 1/u^2)}{(1 + 1/u^2)^\alpha}; \\ K_4 &= \bar{F}_2(1 + 1/u^2)/2(1-\beta)(1 + 1/u^2)^{\beta-1} = \frac{(1 + 1/u^2)}{2(1-\beta)} \cdot \frac{\bar{F}_2(1 + 1/u^2)}{(1 + 1/u^2)^\beta} \end{aligned} \right\} (20.4)$$

Tabel XXI gee die verloop van hierdie groothede en van  $\bar{V}_1/\bar{V}_0$  as  $u$  toeneem van 1 na  $+\infty$ .

TABEL XXI:

$u$	1	1,2	1,4	1,6	1,8	1,9
$K_1$		0,73384	0,88484	1,0229	1,1479	1,2057
$K_2$		1,9722	2,1890	2,3895	2,5267	2,6405
$K_3$		3,4162	3,4901	3,5463	3,5918	3,6103
$K_4$		-5,2414	-5,4317	-5,5681	-5,6693	-5,7105
$\bar{V}_1/\bar{V}_0$	1	0,6289	0,3848	0,2131	0,0821	0,0318

$u$	2	3	4	6	8	10
$K_1$	1,2600	1,6513	1,9610	2,3003	2,5013	2,6471
$K_2$	2,7146	3,2978	3,6693	4,1236	4,3896	4,5848
$K_3$	3,6271	3,7276	3,7708	3,8080	3,8230	3,8297
$K_4$	-5,7466	-5,9532	-6,0378	-6,1046	-6,1294	-6,1437
$\bar{V}_1/\bar{V}_0$	-0,0139	-0,286	-0,397	-0,493	-0,534	-0,551

$u$	20	30	50	100	500	$\infty$
$K_1$	2,9990	3,1526	3,3094	3,4657	3,5435	—
$K_2$	5,0501	5,2552	5,4615	5,6684	5,7707	—
$K_3$	3,8401	3,8426	3,8438	3,8443	3,8443	3,8443
$K_4$	-6,1610	-6,1640	-6,1669	-6,1675	-6,1675	-6,1675
$\bar{V}_1/\bar{V}_0$	-0,580	-0,585	-0,5880	-0,5897	-0,5899	-0,5899

Uit tabel XXI blyk dat die snelheid van teken verander vir 'n waarde van  $u$  tussen 1,9 en 2. As  $u \rightarrow \infty$  ( $t \rightarrow \infty$ ) dan  $\bar{V}_1/\bar{V}_0 \rightarrow -0,5899$ .

Vervolgens ondersoek ons die formule (19.19) ook vir  $\lambda = 1$  d.i.

$$\bar{V}_1^*/\bar{V}_c = \frac{1}{u^{\frac{3}{2}}} - \frac{\sqrt{u^2 + 1}}{u} \int_1^u \frac{dv}{v^{\frac{3}{2}} \sqrt{v^2 + 1}}. \quad (20.5)$$

Die waarde van die integraal regs bepaal ons met behulp van tabel XVI deur toepassing van die reël van SIMPSON of/en met behulp van (19.22).

Stel nou  $I = \int_1^u dv/v^{\frac{3}{2}} \sqrt{v^2 + 1}$ ; tabel XXII gee die verloop van  $I$  en van  $\bar{V}_1^*$  as  $u$  toeneem van 1 na  $\infty$ .



TABEL XXII:

$u$	1	1,2	1,4	1,6	1,8	1,9
$I$	0	0,11929	0,20569	0,27058	0,32073	0,34169
$\bar{V}_1^* / \bar{V}_0$	1	0,6289	0,3857	0,2153	0,0898	0,0388
$u$	2	3	4	6	8	10
$I$	0,36043	0,47503	0,52802	0,57629	0,59797	0,60996
$\bar{V}_1^* / \bar{V}_0$	-0,0061	-0,2696	-0,3868	-0,4925	-0,5401	-0,5666
$u$	20	30	50	100	500	$\infty$
$I$	0,63089	0,63666	0,64063	0,643086	0,64451	0,64470
$\bar{V}_1^* / \bar{V}_0$	-0,6133	-0,6263	-0,6354	-0,6409	-0,6442	-0,6447

Ook in hierdie geval blyk dit dat die snelheid van teken verander vir 'n waarde van  $u$  tussen 1,9 en 2. As  $u \rightarrow \infty$  dan  $\bar{V}_1^* / \bar{V}_0 \rightarrow -0,6447$ .

(Ons sal benede 'n vergelykende tabel en diagram vir die verskillende uitdrukkings vir die snelheid laat volg.)

Die verband tussen  $u$  en  $t$  word vir albei gevalle d.i. (20.1) en (20.5) gegee deur (19.8) met  $\lambda = 1$  d.i. deur

$$a \bar{V}_0 t = 3 \sqrt{2} [(u^2 + 1)^{3/2} - 3(u^2 + 1)^{1/2} + \sqrt{2}]. \quad (20.6)$$

Tabel XXIII gee 'n reeks van ooreenstemmende waardes van  $u$  en  $t$ . Die parameter  $a$  neem die waarde  $\frac{3g}{7} \rho_0 / \bar{\rho}$  aan, soos opgemerk aan die slot van hoofstuk III. Ons neem meer waardes van  $u$  in die tabel op as wat ons in voorgaande tabelle XXI en XXII nodig gekry het, dog ons doen dit om ons in staat te stel om die gevalle  $\lambda = 0$  en  $\lambda = \infty$  met die voriges te vergelyk.

TABEL XXIII:

$u$	1	1,2	1,4	1,6	1,8	1,9	2	2,5
$a \bar{V}_0 t$	0	2,2885	5,7083	10,484	16,833	20,670	24,975	54,72
$u$	2,8	3	3,3	3,5	4	6	8	10
$a \bar{V}_0 t$	79,668	99,914	138,058	164,30	250,875	883,35	2124,7	4178,3
$u$	15	20	30	50	100	500	$\infty$	
$a \bar{V}_0 t$	16229	33819,8	114354	$10^2 \times 5301$	$10^3 \times 4241$	$10^5 \times 5303$	$\infty$	

Verder het ons:  
uit (19.2):

$$\bar{V}_\infty / \bar{V}_0 = -1,7983 (1 + gt)^{-0,17981} + 0,4653 (1 + gt)^{-0,69519} + 2,3330 (1 + gt)^{-0,25} \quad (20.7)$$

uit (19.3):

$$\bar{V}_{\infty}^*/\bar{V}_0 = 4(1+g_1t)^{-\frac{1}{3}} - 3(1+g_1t)^{-\frac{2}{3}} \quad (20.8)$$

uit (19.5):

$$\bar{V}_{00}/\bar{V}_0 = 3,5(1+g_1t)^{-\frac{2}{3}} - 1,8667(1+g_1t)^{-\frac{1}{3}} - 0,6333 \quad (20.9)$$

uit (19.6):

$$\bar{V}_{00}^*/\bar{V}_0 = 1,75(1+g_1t)^{-\frac{1}{3}} - 0,75. \quad (20.10)$$

In hierdie formules is  $g = \frac{4}{3} a\bar{V}_0$  en  $g_1 = \frac{1}{3} a\bar{V}_0$ .

Tabel XXIV gee die verloop van  $\bar{V}_{\infty}$ ,  $\bar{V}_{\infty}^*$ ,  $\bar{V}_{00}$  en  $\bar{V}_{00}^*$  soos bereken uit bostaande formules. Volledigheidshalwe en met die oog daarop dat ons die resultate kan vergelyk voeg ons die gevalle  $\bar{V}_1$  en  $\bar{V}_1^*$  by.

TABEL XXIV:

$a\bar{V}_0t$	0	2,2885	5,7083	10,484	16,833	20,670	24,975	54,720
$\bar{V}_{\infty}/\bar{V}_0$	1	0,6573	0,4615	0,3353	0,2480	0,2252	0,1845	0,0834
$\bar{V}_{\infty}^*/\bar{V}_0$	1	0,6477	0,4378	0,3134	0,2035	0,1660	0,1338	0,0250
$\bar{V}_{00}/\bar{V}_0$	1	0,6013	0,3186	0,1182	-0,0265	-0,0840	-0,1337	-0,3047
$\bar{V}_{00}^*/\bar{V}_0$	1	0,6102	0,3398	0,1471	0,0059	-0,0512	-0,1012	-0,2799
$\bar{V}_1/\bar{V}_0$	1	0,6289	0,3848	0,2131	0,0821	0,0318	-0,0139	
$\bar{V}_1^*/\bar{V}_0$	1	0,6289	0,3857	0,2153	0,0898	0,0388	-0,0061	
$a\bar{V}_0t$	79,668	99,914	138,058	164,30	250,88	883,35	2124,7	
$\bar{V}_{\infty}/\bar{V}_0$	0,0461	0,0260	0,0023	-0,0106	-0,0354	-0,0830	-0,0998	
$\bar{V}_{\infty}^*/\bar{V}_0$	-0,0145	-0,0344	-0,0579	-0,0699	-0,0925	-0,1279	-0,1333	
$\bar{V}_{00}/\bar{V}_0$	-0,3674	-0,3999	-0,4400	-0,4589	-0,4979	-0,5707	-0,5972	
$\bar{V}_{00}^*/\bar{V}_0$	-0,3492	-0,3864	-0,4339	-0,4570	-0,5066	-0,6103	-0,6617	
$\bar{V}_1/\bar{V}_0$		-0,2855			-0,397	-0,493	-0,534	
$\bar{V}_1^*/\bar{V}_0$		-0,2696			-0,3868	-0,4925	-0,5410	
$a\bar{V}_0t$	4178,3	16229	33819,8	114354	$10^2 \times 5301$	$10^3 \times 4241$	$10^5 \times 5303$	$\infty$
$\bar{V}_{\infty}/\bar{V}_0$	-0,1068	-0,1100	-0,1077	-0,1006	-0,0885	-0,0708	-0,0374	0
$\bar{V}_{\infty}^*/\bar{V}_0$	-0,1317	-0,1193	-0,1089	-0,0918	-0,0714	-0,0486	-0,0182	0
$\bar{V}_{00}/\bar{V}_0$	-0,6097	-0,6235	-0,6271	-0,6305	-0,6323	-0,6330	-0,6333	-0,6333
$\bar{V}_{00}^*/\bar{V}_0$	-0,6799	-0,7121	-0,7223	-0,7339	-0,7419	-0,7468	-0,7496	-0,75
$\bar{V}_1/\bar{V}_0$	-0,551		-0,580	-0,585	-0,5880	-0,5897	-0,5899	-0,5899
$\bar{V}_1^*/\bar{V}_0$	-0,5667		-0,6133	-0,6233	-0,6354	-0,6409	-0,6442	-0,6447

Diagram van die verloop van die snelheid as  $t$  (en dus ook  $u$ ) toeneem van 0 tot  $\infty$  vir  $\lambda = 0, 1$  en  $\infty$ :




Fig. 12.

Volgens die tabelle vir al ses die formules keer die snelheid naderhand van teken om.  $\bar{V}_{00}$  en  $\bar{V}_{00}^*$  verander van teken vir waardes van  $u$  tussen 1,6 en 1,8 ( $a\bar{V}_0 t$  tussen 10,5 en 16,8) en 1,8 en 1,9 ( $a\bar{V}_0 t$  tussen 16,8 en 20,7) respektiewelik.  $\bar{V}_\infty$  en  $\bar{V}_\infty^*$  verander van teken vir waardes van  $u$  tussen 3,3 en 3,5 ( $a\bar{V}_0 t$  tussen 138 en 164) en 2,5 en 2,8 ( $a\bar{V}_0 t$  tussen 55 en 80) respektiewelik.  $\bar{V}_1$  en  $\bar{V}_1^*$  verander van teken vir twee waardes van  $u$  wat in albei gevalle tussen 1,9 en 2 ( $a\bar{V}_0 t$  tussen 20,7 en 25) lê.

Die verskil tussen die waardes van  $\bar{V}_\lambda$  en  $\bar{V}_\lambda^*$  vir dieselfde waarde van  $t$  is aanvanklik vir al drie die gevalle gering. Die verskil tussen  $\bar{V}_1$  en  $\bar{V}_1^*$  bly deurgaans die kleinste van die drie gevalle; dié twee ontloop mekaar ook nêrens baie ver nie. Die beste benaderings vir die snelheid word dus beslis gegee deur  $\bar{V}_1$  en  $\bar{V}_1^*$  of wellich deur  $\bar{V}_{1,75}$  en  $\bar{V}_{1,75}^*$ .

$\bar{V}_\infty$  en  $\bar{V}_\infty^*$  nader albei tot nul as  $t \rightarrow \infty$ . Dit is strydig met die meganiese oorwegings. Nadat die suier se bewegingsrigting omgekeer het, ondervind dit geen vertragende krag meer nie. Vóór die suier is nou 'n vakuum, maar nie daaragter nie. Dit sal dus sekerlik 'n eindige eindsnelheid, ongelyk aan nul, hê. Die eindwaardes van  $\bar{V}_{00}$  en  $\bar{V}_{00}^*$  is  $-0,633 \bar{V}_0$  en  $-0,75 \bar{V}_0^*$  respektiewelik; die verskil is by benadering  $0,12 \bar{V}_0$ . Ten spyte van hierdie verskil gee die formules vir  $\bar{V}_{00}$  en  $\bar{V}_{00}^*$  dus tog beter benaderings as dié vir  $\bar{V}_\infty$  en  $\bar{V}_\infty^*$ .

## HOOFSTUK V.

Poging om 'n verbetering van die polinomiale oplossing van § 7 te kry.

In hoofstukke II en III het ons verskillende benaderingsoplossings vir die differensiaalvergelyking onder bespreking gevind. Hierdie oplossings moet beskou word as eerste benaderings. Die vraag doen hom nou voor of dit nie moontlik is om, uitgaande van een van die eerste benaderings, 'n beter benadering te vind nie. Dit sou kon gebeur deur aan die eerste benadering 'n funksie toe te voeg wat beskou moet word as 'n klein korreksie. Getrag moet dan word om een of ander differensiaalvergelyking vir die korreksie af te lei. Wanneer dan ook die rantvoorwaardes vir die korreksie bekend is behoort dit moontlik te wees om 'n passende oplossing vir die differensiaalvergelyking vir die korreksie te vind. Langs dié weg kan ons dan tot die verbeterde oplossing kom.

In wat volg in hierdie hoofstuk is getrag om hierdie gedagte uit te werk. Hierby is uitgegaan van die benaderingsoplossing van § 7. Volgens die bekende metodes is dit moontlik om 'n lineêre differensiaalvergelyking te vind vir die korreksie. Daarby het dit egter geblyk dat die ingewikkelde vorm van ons sogenaamde tweede rantvoorwaarde ook weer tot 'n ingewikkelde voorwaarde voer vir die te-berekenes korreksie. Dit maak die konstruksie van 'n oplossing vir die differensiaalvergelyking baie moeilik, miskien selfs onmoontlik. Bowendien bring die omstandigheid dat elkeen van die benaderingsoplossings wat in die vorige hoofstukke gevind is (dus ook die een van § 7) nog steeds 'n fout van eindige grootte het, 'n onsekerheid mee omtrent die toelaatbaarheid van die verwaarloosings wat gemaak moes word om tot 'n lineêre vergelyking vir die korreksie te kom. Soos in dergelike gevalle meer voorkom blyk dan die te-volge weg nie ondubbelsinnig bepaal te wees nie dog hier en daar die moontlikheid van 'n keuse oop te laat sonder dat onmiddellik beoordeel kan word welke keuse die mees geskikte sal wees. As gevolg van die omstandigheid het dit nie moontlik geblyk om 'n bevredigende oplossing uit te werk nie. Nogtans lyk dit geskik en die moeite werd om aan te gee welke herleidings by die toepassing van die gedagte vereis word, daar hulle enige lig werp op die karakter van die differensiaalvergelyking en die voortplanting van golf-sisteme.

§ 21. *Transformasie van die differensiaalvergelyking. Die rantvoorwaardes.*

In § 7 het ons die volgende benaderingsoplossing gevind nl.

$$\Phi = (1 + gt)^3/q(s) \quad (21.1)$$

waarby die verband tussen  $q$  en  $s$  gegee word deur (7.7) en  $q(0) = 1$ ; die waarde van  $g$  word deur (7.15) gegee.

Getrag sal nou word om 'n verbetering van hierdie oplossing te vind. In ons poging sal ons uitgaan van die parsieële differensiaalvergelyking vir  $t$  as funksie van  $\Phi$  en  $s$  soos gegee deur prof. BURGERS in „Proceedings Royal Neth. Acad. of Sciences,” Vol. 50, bls. 269 (1947), noot 3, nl.

$$t_{\Phi\Phi} (t_s^2 - \Phi^{8/3}/5\theta) - 2t_{\Phi s} t_\Phi t_s + t_{ss} t_\Phi^2 = \\ = -\frac{8}{3} t_\Phi t_s^2 / \Phi - 2(\theta'/\theta) t_\Phi^2 t_s - \frac{8}{5} (\theta''/\theta) \Phi t_\Phi^3 \quad (21.2)$$

waarby  $\theta$  geskryf is vir  $S'^2$  wat 'n funksie is van  $s$  alleen en  $t_\Phi = \partial t / \partial \Phi$ ,  $t_{\Phi\Phi} = \partial^2 t / \partial \Phi^2$ , ens. Die rantvoorwaardes wat nou betrekking het op vaste reguit lyne in 'n  $\Phi, s$ -diagram, word:

$$\text{I). langs } \Phi = 1 : t_\Phi = 4t_s^2/9t_{ss} \quad (21.3)$$

$$\text{II). langs } s = 0 : t_s = a\Phi t_\Phi. \quad (21.4)$$

Die oplossing (21.1) kan ons ook skrywe as

$$1 + gt = \Phi^{\frac{1}{2}} Q \quad (21.5)$$

waarby  $Q = q^{\frac{1}{2}}$  en dus  $Q(0) = 1$ . Getrag sal nou word om 'n verbetering te vind deur in (21.2) te stel:

$$1 + gt = \Phi^{\frac{1}{2}} Q(1 + T) \quad (21.6)$$

waarin  $T$  'n funksie is van  $\Phi$  en  $Q$ . Veronderstel word verder dat  $T \ll 1$  sodat kwadrate en hoër magte van  $T$  verwaarloos kan word. Eweso word veronderstel dat

$$\left. \begin{aligned} T_\Phi &= \partial T / \partial \Phi \ll \Phi^{-1}, \\ T_Q &= \partial T / \partial Q \ll Q^{-1}, \\ \text{ens. vir hoër afgeleides} \end{aligned} \right\}$$

Die uitwerking van die berekenings leer dat hierdie veronderstelling alleen gebaseer kan word op die aanname van 'n numerieke klein faktor in  $T$  ('n faktor  $c \ll 1$ ). Die ongelykhede word derhalwe niks beter as  $\Phi$  en  $Q$  onbepaald toeneem nie.

By die uitwerk van die herleidings wat berus op vergelyking (21.2) blyk dit beter om te stel

$$\Phi^{4/3} QT = \tau(\Phi; Q) \quad (21.7)$$

sodat (21.6) nou word

$$1 + gt = \Phi^{4/3} Q + \tau(\Phi; Q). \quad (21.8)$$

Die grootheid  $\tau$  is dus van die orde  $\Phi^{4/3} Qc$ ; d.i.

$$\tau \sim \Phi^{4/3} Qc \quad (21.9)$$

waarin  $c$  die klein veronderstelde numerieke faktor voorstel.

Langs die baan van die verdigtingsgolf is  $\Phi = 1$ ; dus volg vir die baan uit (21.8):

$$1 + gt = Q + \tau(1; Q) = Q + \bar{\tau}(Q), \text{ sê.} \quad (21.10)$$

Dus is, kragtens (21.9)  $\bar{\tau} \sim Qc$  en dus

$$\bar{\tau}_Q \equiv \bar{\tau}' \sim c. \quad (21.11)$$

Alle verwaarlosings wat ons by die herleiding maak berus op die veronderstelde kleinheid van die faktor  $c$ . Die waarde van hierdie faktor word bepaal deur die tweede rantvoorwaarde en berus op die omstandigheid dat die in (21.40) optredende grootheid

$$\frac{1}{3} + Y_\eta/Y \quad (21.12)$$

as klein beskou kan word ( $\leq 0,153$ ). Hierop kom ons nog later terug. Ons stel

$$dQ/ds = 1/Y \quad (21.13)$$

waarby  $Y$  as funksie van  $Q$  opgevat sal word, sodat  $Y' = dY/dQ$ , ens. Uit (21.10) kry ons dan deur differensiasie na  $t$  en omwisseling van enige terme:

$$(ds/dt)_{\Phi=1} = S' = gY/(1 + \bar{\tau}'). \quad (21.14)$$

Aan die hand van (21.11) sal ons nou aanneem dat  $\bar{\tau}' \ll 1$ , sodat kwadrate en hoër magte van  $\bar{\tau}'$  en die afgeleides daarvan, asook produkte met  $\bar{\tau}_\Phi$ , ens. verwaarloos mag word. Met dié veronderstelling kry ons uit (21.14):

$$S' = gY(1 - \bar{\tau}') \text{ en } \theta = S'^2 = g^2 Y^2 (1 - 2\bar{\tau}'). \quad (21.15)$$

Hieruit volg verder deur differensiasie en deling:

$$\theta'/\theta = 2(Y'/Y^2 - \bar{\tau}''/Y) \quad (21.16a)$$

en

$$\theta''/\theta = 2\{Y''/Y^3 - 3\bar{\tau}'''(Y'/Y^3) - \bar{\tau}''''/Y^2\}. \quad (21.16b)$$

Voorts kry ons uit (21.8):

$$\left. \begin{aligned} gt_s &= (\Phi^{\frac{1}{3}} + \tau_Q)/Y \\ gt_{ss} &= -(\Phi^{\frac{1}{3}} + \tau_Q) Y'/Y^3 + \tau_{QQ}/Y^2 \\ gt_\Phi &= \frac{4}{3} \Phi^{\frac{1}{3}} Q + \tau_\Phi \\ gt_{\Phi\Phi} &= \frac{4}{9} \Phi^{-\frac{2}{3}} Q + \tau_{\Phi\Phi} \\ gt_{\Phi s} &= (\frac{4}{3} \Phi^{\frac{1}{3}} + \tau_{\Phi s})/Y. \end{aligned} \right\} \quad (21.17)$$

Substitusie van voorgaande waardes vir  $t$ ,  $\theta$  en hulle afgeleides in vergelyking (21.2) gee na deling deur  $g^3$ :

$$\begin{aligned}
& \Phi^2 Q Y^{-3} \left\{ \frac{1}{4} \frac{2}{5} Q^2 Y'' + \frac{1}{3} Q Y' + \frac{1}{4} \frac{6}{5} Y \right\} + \\
& + \frac{4}{5} \Phi^3 Y^{-2} \left[ \tau_{\Phi\Phi} \Phi^2 - \frac{1}{3} \tau_{\Phi Q} \Phi Q + \frac{2}{9} \tau_{QQ} Q^2 + \tau_{\Phi} \left( 8 \Phi Q^2 \frac{Y''}{Y} + 10 \Phi Q \frac{Y'}{Y} \right) + \right. \\
& \quad \left. + \tau_Q \left( \frac{2}{3} Q^2 \frac{Y'}{Y} + \frac{5}{9} Q \right) \right] = \\
& = \frac{1}{4} \frac{2}{5} \Phi^2 Y^{-2} \left[ Q^3 \bar{\tau}''' + \left( 3 Q \frac{Y'}{Y} + \frac{5}{2} \right) Q^2 \bar{\tau}'' + \frac{1}{16} Q \bar{\tau}' \right]. \quad (21.18)
\end{aligned}$$

Hierdie differensiaalvergelyking val nou duidelikerwys uiteen in twee afsonderlike vergelykings nl. (a). 'n vergelyking onafhanklik van  $\tau$  en (b). 'n vergelyking lineêr in  $\tau$ .

a). Die vergelyking onafhanklik van  $\tau$ :

Stel die koeffisiënt van  $\Phi^2 Q Y^{-3}$  gelyk aan nul; dit gee

$$Q^2 Y'' + \frac{1}{8} Q Y' + \frac{1}{8} Y = 0. \quad (21.19)$$

Hierdie vergelyking is niks anders as vergelyking (7.5) met oplossing (7.6) nie.

Die oplossing van (21.19) is:

$$Y = A Q^{\varepsilon_1} + B Q^{\varepsilon_2} \quad (21.20)$$

waar

$$\left. \begin{aligned}
\varepsilon_1, \varepsilon_2 &= \frac{1}{16} (-7 \pm \sqrt{17}) = -0,180; -0,695; \\
\varepsilon_1 + \varepsilon_2 &= -0,875; \varepsilon_1 - \varepsilon_2 = 0,516; \varepsilon_1 \varepsilon_2 = 0,125; \end{aligned} \right\} \quad (21.21)$$

en  $A$  en  $B$  twee (voorlopige) willekeurige konstante is wat so gekies moet word dat reeds so goed as moontlik aan die tweede rantvoorwaarde voldoen word.

b). Die vergelyking lineêr in  $\tau$ :

Met die terme onafhanklik van  $\tau$  gelyk aan nul gestel en gebruikmakende van (21.19), bly uit (21.18) die volgende vergelyking oor:

$$\begin{aligned}
& \tau_{\Phi\Phi} \Phi^2 - \frac{1}{3} \tau_{\Phi Q} \Phi Q + \frac{2}{9} \tau_{QQ} Q^2 - \tau_{\Phi} \left( 5 \Phi Q \frac{Y'}{Y} + \Phi \right) + \\
& + \tau_Q \left( \frac{2}{3} Q^2 \frac{Y'}{Y} + \frac{5}{9} Q \right) = \\
& = \frac{3}{9} \Phi^3 \left\{ Q^3 \bar{\tau}''' + \left( 3 Q \frac{Y'}{Y} + \frac{5}{2} \right) Q^2 \bar{\tau}'' + \frac{1}{16} Q \bar{\tau}' \right\}. \quad (21.22)
\end{aligned}$$

Stel ons nou hierin

$$\Phi = e^{\xi}, \quad Q = e^{\eta} \quad (21.23)$$

dan gaan die vergelyking na enige berekenings en vereenvoudigings oor in

$$\tau_{\xi\xi} - \frac{1}{3} \tau_{\xi\eta} + \frac{2}{9} \tau_{\eta\eta} - f_1 \tau_{\xi} + f_2 \tau_{\eta} = \frac{3}{9} e^{4\xi/3} \psi(\eta) \quad (21.24)$$

waarin  $f_1 = 5 Y_{\eta}/Y + 2$ ;  $f_2 = \frac{2}{3} Y_{\eta}/Y + \frac{1}{3}$  en

$$\psi(\eta) = \bar{\tau}_{\eta\eta\eta} + (3 Y_{\eta}/Y - \frac{1}{2}) \bar{\tau}_{\eta\eta} - (3 Y_{\eta}/Y + \frac{7}{18}) \bar{\tau}_{\eta}. \quad (21.25)$$

Hierby is  $Y = A e^{\varepsilon_1 \eta} + B e^{\varepsilon_2 \eta}$  en dus

$$Y_{\eta} = A \varepsilon_1 e^{\varepsilon_1 \eta} + B \varepsilon_2 e^{\varepsilon_2 \eta}. \quad (21.26)$$

Met behulp van die benadering  $Y_{\eta}/Y \cong -\frac{1}{3}$  wat ons later in (21.42) sal invoer, vereenvoudig die uitdrukking vir  $\psi(\eta)$  tot:

$$\psi(\eta) \cong \bar{\tau}_{\eta\eta\eta} - \frac{3}{2} \bar{\tau}_{\eta\eta} + \frac{9}{18} \bar{\tau}_{\eta}. \quad (21.27)$$

Stel ons tans

$$\tau = e^{\xi} Y^{-\frac{2}{3}} \sigma(\xi; \eta) \quad (21.28)$$

dan kry ons uit (21.24) die volgende differensiaalvergelyking vir  $\sigma$ :

$$\sigma_{\xi\xi} - \frac{1}{3} \sigma_{\xi\eta} + \frac{2}{9} \sigma_{\eta\eta} - \chi \sigma = \frac{3}{9} e^{\xi/3} Y^{3/2} \psi(\eta) \quad (21.29)$$

met

$$\chi = 1 + 5(Y_{\eta}/Y) + \frac{5}{3}(Y_{\eta}^2/Y^2) + \frac{1}{3}(Y_{\eta\eta}/Y). \quad (21.30)$$

Stel nou nog

$$x = a\xi + \eta \text{ en } y = \beta\xi - \eta \quad (21.31)$$

$$\text{met } a = (5 + \sqrt{5})/3 = 2,41 \text{ en } \beta = (5 - \sqrt{5})/3 = 0,92$$

(die simbole  $x$ ,  $y$ ,  $a$  en  $\beta$  het niks te maak met dieselfde simbole van die vorige hoofstukke nie) dan gaan vergelyking (21.29) oor in

$$\sigma_{xy} + \frac{9}{20} \chi \sigma = -\frac{8}{9} e^{\xi/3} Y^{-\frac{2}{3}} \psi(\eta). \quad (21.32)$$

Hierin is die grootheid  $\chi$  nou 'n bekende funksie van die koördinate  $x$  en  $y$ . Bowendien blyk dit dat die waarde daarvan begrens is en lê tussen 0,075 en 0,263. Ons sou  $\chi$  vir 'n eerste benadering miskien nog deur 'n konstant kon vervang.

